

SNY DIE WOORD REGUIT

Gerrie & Martie Malan



Derde Uitgawe

SNY DIE WOORD REGUIT

GERRIE EN MARTIE MALAN



SNY DIE WOORD REGUIT

Gerrie en Martie Malan

Derde Uitgawe, net beskikbaar as PDF Weergawe

Kopiereg 2014 & 2019, G.J. (Gerrie) & M.J. (Martie)
Malan.

Kopieregkennisgewing

Dankie dat u hierdie gratis boek afgelaai het. Hoewel dit 'n gratis boek is, bly dit die kopieregeïendom van die outeurs, en dit mag nie vir kommersiële of nie-kommersiële doeleindes gereproduseer, gekopieer en versprei word nie. As die boek vir u waarde meegebring het, moedig asseblief u vriende aan om hul eie kopie by die outeurs se webwerf af te laai, waar hulle ook ander werke deur hierdie outeurs kan ontdek. Baie dankie vir u ondersteuning.

Voorbladontwerp: Die Hoseakonneksie.

Voorbladfoto van geploegde land: Elizabeth Lies, beskikbaar gestel deur Unsplash.

ISBN Nommer: 978-0-9922373-4-9

Vorige (e-boek) ISBN nommers:

PDF 978-0-9922370-9-7; 978-0-9922371-0-3

EPUB 978-0-9922371-1-0

MOBI 978-0-9922371-2-7

Outeurswebwerf: www.hoseaconnection.org

Kopieregerkenning van Bybelweergawes waaruit Skrifaaanhalings geneem is verskyn in die Bronnelys. Tensy anders aangedui word, is aanhalings geneem uit die Ou Afrikaanse Vertaling van die Bybel, 1933. Groentemarkplein, Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

ERKENNINGS

Hierdie boekie word in dankbaarheid en met groot vreugde opgedra aan ons Hemelse Vader, wat die Seun van Sy Liefde gegee het as die Lig vir die Mensdom. Ons is dankbaar vir Sy Woord wat die lamp vir ons voet en lig op ons pad is en vertrou dat hierdie werkie ander sal help op hul pad met die Woord van die Waarheid.

Ons vriende, Dirk Wissing en Obie Oberholzer, saam met sy vrou Rina, het meer gedoen as om die eerste uitgawe van hierdie boek net te lees. Hulle het belangrike aanbevelings gemaak wat tot waardevolle verbeterings in die tweede uitgawe bygedra het. Vriend Coen de Milander se gereelde wisselwerking oor Bybelkennis en uitleg stimuleer eweneens ons fokus op die dinge wat ons skryf. Ons stel die tyd en moeite wat hulle bestee het aan die taak op prys en erken graag hul bydraes.

**As dit vir ons belangrik is om die
Bybel te besit, dan is dit belangrik
dat ons die Bybel sal verstaan.**

(Ephraim Currier, 1841)

(Vertaling deur die outeurs)



INHOUDSOPGAWE

Voorwoord	1
<i>Drie beginsels</i>	2
<i>Die kerk gedefinieer</i>	4
<i>Die soeke na die waarheid</i>	5
Inleiding	9
<i>Inleidende Opmerkings</i>	9
<i>Bereaanse beginsel</i>	11
<i>Getitreerde waarheid</i>	12
<i>Eerste en verdere generasies kennis</i>	13
<i>Bemagtig of Ontmagtig?</i>	16
<i>Die Wese van Waarheid</i>	18
<i>Die Moderne Media</i>	18
<i>Nadoodse Ondervindings en Visoene</i>	19
<i>Eindtydteologie</i>	20
<i>Bybelvertalings en Weergawes</i>	21
<i>Slotopmerkings</i>	23
Eerste Beginsels	25
<i>Inleidende Opmerkings</i>	25
<i>Tydsllyn van Nuwe Testamentiese Boeke</i>	26
<i>Ses Belangrike Vrae</i>	27
<i>Kernaspekte vir Betekenisbepaling</i>	30

<i>Slotopmerkings</i>	35
Agtergrondsfeite van die Bybelse Taal en Kultuur	37
<i>Inleidende Opmerkings</i>	37
<i>Gekonsepsualiseer in Hebreuse denke en literatuur</i>	38
<i>Die Onderrigmetodes van Jesus</i>	39
<i>Slotgedagtes</i>	46
Kernkonsepte uit die Bybel	49
<i>Inleidende Opmerkings</i>	49
<i>Gesekteerde Terme en Uitdrukkings</i>	50
<i>Slotopmerkings</i>	60
Bronnelys	63
Die Skrywers	67
Ander Boeke deur die Skrywers	69
<i>The Lamp Of The Lord</i>	69
<i>Rightly Divide The Word</i>	70
<i>Daniel Without Make-up Or Long Toes</i>	70
<i>Die Eindtydprofesie Van Jesus</i>	71
<i>The End-times Prophecy Of Jesus</i>	72

VOORWOORD

“Pas op dat niemand julle as ’n buit wegvoer deur die wysbegeerte [filosofie] en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie” (Kol. 2:8).

Die skrywers is in die veertigerjare gebore. Alhoewel albei in die gereformeerde tradisie grootgeword het, het ons na bepaalde gebeure in ons lewe in die loop van 1996 op sowat ’n dekadellange reis deur die Pinkster- en Charismatiese omgewings gegaan. In al die gemeentes waarby ons deur die jare betrokke was, hetsy Gereformeerde, Pinkster of Charismaties, het ons wonderlike ondervindings gehad en talle mooi herinneringe oorgehou. Ons het oral pragtige mense wat ons altyd sal respekteer en waardeer, ontmoet. Hulle sluit leiers van gemeentes en groter netwerke in, asook gewone lidmate in die kerkbanke (by wyse van spreke). Ons het werklik waardering vir die wonderlike werk wat baie plaaslike gemeentes van die verskillende denominasies in hul gemeenskappe en selfs verder doen.

Tye het baie verander en kennis het geweldig toegeneem sedert ons jeugjare (die vyftigs en ses-tigs). Moderne inligtingstechnologie het baie van wat ons weet en doen verander. Jong mense van vandag aanvaar nie meer so gelate alles wat hulle hoor nie. As gevolg van hul alledaagse blootstelling aan soveel

meer en teenstrydiger sienswyses as wat met ons die geval was, vra hulle dikwels veel indringender vrae as wat ons geslag sou

gedoen het. Predikers, kerkleiers en andere moet begryp dat hul antwoorde (of gebrek daaraan) nie net hul eie integriteit in jong mense se oë vestig en veranker nie, maar ook die Bybel s'n. Ongelukkig dra die inligtingsmedia vandag, hetsy dit gedrukte media, die Internet of oudiovisuele media is, soveel hartseer getuigenis van mense wat eens Christene was maar nou uitgesproke ateïste geword het. Die belangrike vraag wat 'n mens moet oordink, is hoekom?

In sy boek, *Peace With God*, vertel Billy Graham (1984:43) die verhaal van 'n predikantvriend wie se seun aan 'n universiteit gaan studeer het. Hy kom by geleentheid huis toe vir 'n besoek, natuurlik gevul met sy nuutgevonde kennis. Die seun sê toe vir pa dat sy nuwe kennis hom op 'n plek gebring het waar hy nie langer met sy pa se eenvoudige, kinderlike geloof in die Bybel kon saamstem nie. Sy pa het 'n rukkie stil na hom gesit en kyk en toe geantwoord: "*Seun, dit is jou vryheid van keuse – jou verskriklike vryheid.*" (Outeursvertaling). 'n Mens kan maar net wonder tot watter mate die seun se persoonlike gebrek aan die verstaan van die Skrifte in hul ware en oorspronklike konteks eintlik vir sy nuutgevonde wêreldse uitkyk verantwoordelik was. (Die verskeie en kritieke elemente van **konteks in Bybelstudie** word in die tweede hoofstuk bespreek).

DRIE BEGINSELS

Voordat ons verder gaan wil ons drie kernbeginsels wat in die Bybel aangetref word, beklemtoon. Twee daarvan kom in 'n enkele vers van die boek van Hosea voor, terwyl die derde uit Jesaja kom:

My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet (Hos. 4:6).

Die konsep van kennis in hierdie sin dui 'n plek van intimiteit aan, terwyl die konsep van God se wet verwys na Sy onderwysing of onderrig.

En die Here het gesê: Omdat hierdie volk naderkom met hulle mond en My eer met hulle lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My 'n aangeleerde mensegebod is,(...) (Jes. 29:13).

God se kinders, hulle wat in Hom glo, moet Hom ken. Dit vereis nie slegs 'n intellektuele kennis nie, maar 'n intieme verhouding (Hos. 4:6a). 'n Mens kan dit ook uitdruk as 'n aktiewe deelname met die Persoon wat geken word.

Die geestelike leiers is daarvoor verantwoordelik om die suiwer waarheid, soos wat net die Skrifte en nie mense-opinies nie, dit openbaar, vir God se mense te leer (Hos. 4:6b).

Intellektuele kennis dra geen gewig in God se oë as dit nie deur die hart, die emosies van die innerlike mens, gerugsteun word nie. Die tradisies of leerstellinge van mense kan nie God se suiwer waarheid vervang nie, ongeag hoe indrukwekkend die Bybelse terminologie waarin dit aangebied word ook al mag wees (Jes. 29:13).

Intellektuele vermoë is waardeloos in God se oë as dit nie deur die hart, die innerlike emosies van die mens gerugsteun word nie.

Die eerste twee beginsels is duidelik. 'n Mens kan waardevolle bemoediging uit die derde put. Soos ons, die skrywers, dit verstaan, gee dit vir gelowiges die troos dat al was die leerstellinge wat hulle geleer het verkeerd, neem die ingesteldheid van jou hart jeens God voorrang. Dink bv. aan God se liefde vir koning Dawid, 'n man wat owerspel en moord gepleeg het. Dawid se hart is deur sy uitroep gedemonstreer toe die profeet Natan hom gekonfronteer het oor die dood van Uria, die Hetiet: “*Ek het gesondig teen die HERE!*” 'n Mens moet ook onthou dat die Here ook jare vantevore toe Samuel na Isai se huis gestuur is om David as toekomstige koning te salf, vir die profeet gesê het Hy sien die hart, nie die uiterlike nie, hoe indrukwekkend dit ook al mag wees (1 Sam. 16:7). Dit maak dan natuurlik sin dat die teenoorgestelde van hierdie beginsels ewe veel van toepassing is: Iemand kan die mees akkurate intellektuele kennis van bybelse leerstellinge hê, maar as God nie werklikheid in jou hart is nie sal hy/sy nie die ewige lewe wat in Christus is ontvang nie.

DIE KERK GEDEFINIEER

Wanneer die uitdrukking ‘institusionele kerk’ in die loop van hierdie boek gebruik sou word, is dit nie in die sin van enige plaaslike gemeente of die mense wat lidmate daarvan is nie. Dit verwys na ’n stelsel van instellings waarby mense as lidmate aansluit of dit verlaat, ’n stelsel wat voortbestaan ongeag, en onafhanklik van die lidmate wat daaraan mag behoort. Aan die eenkant mag nuwe lidmate van tyd tot tyd aansluit terwyl ander weer weggaan, maar die instelling bly voortbestaan en gaan aan met sy verskeidenheid van programme en roetine-aktiwiteite. Dit is hoogs gestruktureerd en word meestal bestuur deur voltydse professionele mense wat byvoorbeeld predikante of geestelikes genoem word. Hulle mag bygestaan word deur vrywilligers uit die lekegroep (Viola, 2008:18).

Hierdie stelsel het die afgelope 2000 jaar reeds deur baie fases beweeg insover dit die uitleg en verstaan van die Skrifte betref. Daar is vandag reeds ongeveer 40 000 denominasies met ’n wye reeks verskille in baie van hul leerstellinge, al neem hulle almal die Bybel as hul bron van waarheid (Wiki.answers.com, 2014). Dit sou onrealisties wees om te verwag dat so ’n versplinterde benadering tot eenheid van leringe tussen die baie organisatoriese fragmente waarin die moderne institusionele kerk ontwikkel het, kan lei. ’n Mens moet kennis neem van die navorsingsbevindings deur die Barna Groep in die Verenigde State van Amerika (2004), te wete dat **49% van die Protestantse leeraars aldaar nie ’n Bybelse wêreldbeskouing het nie**. Hierdie verskynsel het meer algemeen in sommige denominasies in vergelyking met ander voorgekom. In een denominasie was dit so hoog as 73%. ’n Interessante bevinding was dat die waarskynlikheid van so ’n wêreldbeskouing die grootste onder die geestelike leiers was wat aan kweekskole (seminariums) gegradueer het. (Indien u meer oor die navorsing wil lees, kan u die betrokke bronverwysing en Internetkoppel in die Bronnelys agter in hierdie boek vind).

’n Mens kan kwalik die vraag ontkom: Wat leer sulke leiers die mense?

DIE SOEKE NA DIE WAARHEID

Graham (1984:29) het verklaar dat waarheid tydloos is. Waarheid verskil nie van een tydperk na 'n ander, van een volk na 'n ander, of van een geografiese plek na 'n ander nie. Mense se idees mag verskil, hul gebruike mag verander en hul morele kodes mag varieer, maar die altyd seëvierende Waarheid staan vas oor tyd en ewigheid.

Hermeneutiek is die term wat gebruik word vir die 'kuns of wetenskap van die interpretasie van letterkunde'. In die Bybelse konteks verwys dit dan na die interpretasie of uitleg van Bybelse letterkunde. As gevolg van al die variasies van benadering wat hermeneutiek kenmerk, het daar soveel verskillende teologie ontstaan. In plaas daarvan om die kerk getrou van die waarheid te bedien, is dikwels verwarring gesaai, hoe opreg die bedoelings ook al mag gewees het.

Iets noodsaak slegs uitleg (of interpretasie) wanneer daar faktore teenwoordig is wat spontane verstaan verhinder, as daar 'n gaping tussen die leser of toehoorder se begrip en die betrokke materiaal is. So 'n begripsgaping mag byvoorbeeld aan historiese, taalkundige, geografiese en biologiese faktore toeskryfbaar wees.

Daar is al gesê dat 'n mens nie 'n meesterstuk onder kunsmatige lig kan skilder nie. Netso is dit vir die Bybelgelowige nodig om hom/haar te beywer om die Skrif onder die natuurlike lig

Daar is al gesê 'n mens kan nie 'n meesterstuk onder kunsmatige lig skilder nie.

van die tyd, plek en omstandighede waarin dit geskryf is te plaas. Die 'natuurlike lig' wat hermeneutiek veronderstel is om te verskaf, behoort bv. taalkundige, kulturele, letterkundige en kommunikasie strui-

kelblokke uit die weg te ruim. Dit behoort eweneens die gelowige te begelei om sekere algemene gevare soos die volgende te vermy:

- verwringing van die teks;
- die inlees van iets bo of teenstrydig met dit wat geskrywe staan;

- oormatige selfvertroue; en
- die druk om vir die self 'n naam met allerlei 'nuwe openbarings' te maak.

Ongelukkig word hierdie 'vermyding van gevare' dikwels nie effektief toegepas nie. Gevolglik is dit so belangrik dat elkeen persoonlik stappe doen daarteen en die voorbeeld van Berea se mense waarvan Handeling 17:11 ons vertel, navolg. (Dit word in die eerste hoofstuk hierna bespreek). Albert Mohler (2004), President van die Southern Baptist Theological Seminary, maak 'n sterk saak daarvoor uit dat die herstelproses tuis begin waar ouers die eerste en belangrikste opvoeders van hul kinders is. Mens moet egter vra, wat dan van die ouers se kennis? Dit is hier waar die plaaslike kerk moet toetree en sy rol vervul met akkurate Bybelonderrig..

Mohler maak verder die stelling dat ons niks meer sal glo as wat ons weet nie, en dat ons nie op 'n hoër vlak as ons geloof sal leef nie. Hy voel dat die baie fronte van kompromie wat ons in die huidige geslag sien, in direkte verhouding staan tot die Bybelse ongeletterdheid in die kerkbanke en die afwesigheid van Bybels korrekte prediking en lering in ons huise en ons kerke.

In sy sendbriewe aan Timoteus en Titus dui Paulus ondubbelsoortig die verantwoordelikheid aan van die leiers onder die gelowiges om die ware en oorspronklike leerstellinge wat in die Skrifte vervat is te bewaar en sonder kompromie of korrupsie aan hul kuddes te leer. **Hierdie leerstellinge is verlossings- of bevrydende waarhede, nie akademiese of sensasionele leerstellinge nie.** Hulle behels sake van lewe of dood, en vereis daarom persoonlike toewyding van beide die leermeester en student (Jak. 2:17; Filip. 1:9). Ware Bybelonderrig beklemtoon ware geregtigheid (d.w.s. weet, wees en doen) en nie 'n eenvoudige intellektuele begrip van sogenaamde Bybelkennis nie (Stamps, 1992:1920).

Hierdie boekie het 'n baie beperkte omvang in ooreenstemming met die basiese oogmerke wat ons daarmee het. 'n Mens lees so dikwels in die gedrukte media in godsdiensverband dat mense getipeer word as post-moderne liberale ('n uitdrukking

waarmee heelwat mense hul oënskynlik vereenselwig), of andersins fundamentaliste. Ons is nie een van die twee nie en nog minder een van die vele ander ‘ismes’ waarmee sommige jou wil tipeer, maar bloot twee mense wat moeg geword het vir al die mensgemaakte wanvoorstellings van die Bybel, van die valse leerstellinge wat mense in slawerny hou en verwond, en eerder van Christus af verdryf in plaas daarvan om hulle juis nader aan Hom te trek.

’n Laaste gedagte: Ons voorwoord tot dusver behoort geen twyfel te laat van die verantwoordelikheid wat op elke individu rus vir dít wat hy/sy glo nie. ’n Mens kan nie maar net terugsit en toelaat dat iemand anders vir jou vertel wat die Skrifte sê nie. Ons eie navorsing onder lidmate van verskeie denominasies in 2005/6 (met behulp van ’n vraelys) het aangedui dat die groot meerderheid Christene, diegene in voltydse bedienings uitgesluit, geen of min onderrig in die basiese beginsels van Bybeluitleg gehad het nie (Malan, 2006: Bylae B). In die volgende hoofstuk word statistiek hieroor verstrekk.

Hierdie boekie met sy beperkte omvang het uit ons eie soeke na die suiwer waarheid voortgevloei. Dit behels daardie basiese konsepte en beginsels wat die gewone leser kan help, soos dit ons gehelp het, om te onderskei tussen die oorspronklike betekenisse van die Skrifte en die toegevoegde filosofieë wat dikwels die klinkklare verstaan van die Bybel besoedel het. Die geringe, dog belangrike wysiging oor die *mamzer*-kwessie op bladsy 22 en wat hierdie derde uitgawe meegebring het, is bewys daarvan dat ons nooit kan terugsit in ons soeke na die waarheid nie. (’n Uitgebreide artikel oor hierdie onderwerp is op ons webtuiste te vind).

In die laaste hoofstuk word ’n aantal belangrike terme en uitdrukkings bespreek om te illustreer waarom dit so kernbelangrik is om die woord van die waarheid reg te sny.

Mag hierdie klein boekie vir u waardevolle hulp verleen deur die inwerking van die Skeppergees op u pad met die lieflike Woord van ons Vader en Sy Gesalfde. Moet dit asseblief nie beskou as ’n voorskriftelike handleiding nie, maar laat dit

bloot u hart stimuleer om die Skrifte opnuut te ondersoek asof dit vir die eerste keer doen.

Ons is dankbaar dat ons op 73 en 72 jarige ouderdom nog bevoorreg is om te kan leer, en ook om dit wat ons leer met andere te kan deel.

Gerrie en Martie Malan

Hibberdene, KwaZulu-Natal, Suid-Afrika.

Augustus 2019

INLEIDING

“Lê jou daarop toe om jou beproef aan God voor te stel as ’n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reguit sny” (2 Timoteus 2:15).

“Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot wederlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus” (2 Timoteus 3:16, 17).

INLEIDENDE OPMERKINGS

Paulus se Sendbrief aan die Romeine, hoofstuk 5, gee vir ons die heerlike versekering dat diegene wat in Jesus Christus glo, uit daardie geloof geregverdig is en vrede by God het. En volgens Romeine 8:1 is daar dan geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie, vir dié wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

Ons haal die verse hierbo aan om te wys hoe belangrik dit is om te verseker dat enige leerstelling in ooreenstemming met die woord van die waarheid moet wees, in teenstelling met blote leerstellinge of tradisies van mense. Die uitdrukking ‘sny die woord van die waarheid reguit’ wat Paulus in sy brief aan die jong Timoteus gebruik, beteken letterlik wat dit sê: om reguit te sny (Strong). Verder kan ook gesê word dat mens ’n reguit pad moet loop in jou hantering van die Bybel en nie allerlei draaie gooi nie (Vincent’s Word Studies). Verder kan gesê word dat die Woord op so ’n manier gesny moet word, dat **waarheid en**

dwaling van mekaar geskei word. Sodoende word die boodskap van die waarheid op 'n reguit pad gehou.

In sy wêreldwye hoog aangeskrewe boek oor Skrifuitleg (of hermeneutiese beginsels) het Milton Spencer Terry **in 1883** soos volg geskryf:

In the systematic presentation, therefore, of any scriptural doctrine, we are always to make discriminating use of sound hermeneutical principles. We must not study them in the light of modern systems of divinity, but should aim rather to place ourselves in the position of the sacred writers, and study to obtain the impression their words naturally have made upon the minds of the first readers.

As ons na die geskiedenis van die institusionele kerk kyk, sien 'n mens talle tragedies wat uit verkeerde leerstellinge gevloei het en wat op hul beurt weer ontstaan het omdat die woord van die waarheid nie reguit gesny was nie. 'n Mens hoef maar net die geskiedenis van vervolging van verskeie Christengroepe te bestudeer om te beseef wat sommiges aan ander gedoen het in die naam van die Here Jesus Christus.

In sy boek, *Reimagining Church*, haal Frank Viola Markus 7:8-9 aan en som dan die moderne situasie in 'n paar sinne op: *“Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: ...En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou.”*

Godsdienstige tradisie het ons begrip sodanig gevorm en ons harte vasgevang, dat ons telkens wanneer ons die Bybel oopmaak, ons bestaande kerkpraktyke daar inlees (Viola, 2008:43). Terwyl sulke tradisies nie noodwendig altyd sleg is nie, moet die onbesoedelde Bybel in elke geval die toets wees. As almal slegs die konsepte wat in die res van hierdie hoofstuk aangeraak word verstaan en toepas, kan dit reeds 'n waardevolle bydra daartoe lewer.

BEREAANSE BEGINSEL

In Hosea 4:6 word die Israelitiese priesterdom (synde die geestelike leiers van daardie tyd en diegene wat namens die volk voor God staan in hul godsdienstige rituele) tereggewys omdat hulle hul verantwoordelikheid om die volk met die waarheid toe te rus versaak het. Jakobus (3:1) gee in sy Nuwe Testamentiese brief 'n soortgelyke vermaning dat daar nie baie leermeesters moet wees nie, omdat diegene 'n groter oordeel sal ondergaan. Dit is interessant dat Jakobus se brief nie net aan een gemeente gerig is nie, maar aan die verspreide Jodedom van sy tyd. Dit is ook sover bekend die oudste van die Nuwe Testamentiese boeke/geskrifte.

Jan Amos Comenius (aangehaal deur Zoppelt, 2006) het reeds in die 17de eeu geskryf dat die groot hoeveelheid leraars die rede is vir die magdom sektes waarvoor daar spoedig nie meer name oor sal wees nie.

Ons noem hierdie dinge om te onderstreep dat nie een van ons die verantwoordelikheid vir wat ons glo, op 'n ander (leraar, prediker, ouers, of wie ookal) kan afskuif nie. **Ons kan eenvoudig nie ons eie verantwoordelikheid vir dit wat ons glo, ontduik nie.**

Handelinge 17:11 gee vir ons 'n belangrike beginsel. Hierin beskryf Lukas dat die Jode in die stad van Berea meer ontvanklik was as dié op ander plekke. Die 1933 Afrikaanse vertaling gebruik die woord 'edeler' om hul gesindheid te beskryf. Hulle het Paulus se verduidelikings aangehoor of met alle welwillendheid ontvang, en daarna elke dag die Skrifte ondersoek om te bepaal of hierdie dinge waarvan Paulus gepraat het so was. Die Jode van Berea het dus die Skrifte daaglik ondersoek om te kyk of Paulus besig was om die waarheid te praat. Let asseblief daarop dat hulle Paulus se woord aan die Skrifte gemeet het en nie die Skrifte aan Paulus se woorde nie. Dit is wat ons, die skrywers, vra dat lesers of toehoorders ook sal doen met alles wat ons skryf of aanbied. **Weeg of meet asseblief ons begrip van die Bybel aan die Bybel, en nooit die Bybel aan ons begrip nie.**

Daar is waarskynlik geen groter oorsaak van die gemak waarmee gelowiges deur ander se leringe mislei word (hoe goed bedoeld en opreg sulke leringe mag wees), as die feit dat hulle vir alle praktiese doeleindes nooit geleer is en word

Die Bereane het Paulus se verduidelikings aan die Skrifte getoets en nie die Skrifte aan Paulus se verduidelikings nie.

hoe om self die woord van die waarheid reguit te sny nie. Ons twyfel nie dat die teenwoordigheid van soveel wanpersepsies en verkeerde leringe uit of verstaan van die Bybel, voortspruit uit hierdie gebrek aan onderrig van gelowiges in eenvoudige beginsels van Skrifuitleg nie. Ongelukkig sluit dit ook soms leiers/leraars in wat veronderstel is om hierdie toerusting te gee (en ons bedoel dit nie met enige venyn nie – ons was ook daar).

'n Navorsingsprojek wat in 2005/6 onder lede van 'n verskeidenheid denominasies onderneem is, het hierdie ongelukkige toedrag van sake bevestig (Malan, 2006). Volgens 38% van die respondente op die vraelys het hulle geen onderrig in die beginsels van Skrifuitleg gehad nie en het hulself ook geen studie daarvoor onderneem nie. Slegs 9% van die mense het aangedui dat hulle 'n intensiewe studie van die Bybelse kulturele agtergrond gemaak het; 43% het 'n beperkte studie onderneem, terwyl 48% geen moeite daarmee gedoen het nie.

GETITREERDE WAARHEID

Ons gebruik dikwels in ons skryfwerk en mondelinge aanbiedings 'n verwysing na getitreerde waarheid. Ons ontleen hierdie term aan die natuurwetenskap. Titrasie is 'n proses waardeur die ondersoeker of wetenskaplike 'n oplossing neem en dan probeer vasstel watter persentasie van 'n voorafbepaalde element of chemiese stof daarin voorkom. As hy wil weet hoeveel chloor daarin is, gooi hy 'n spesifieke ander vloeistof stadig aan by totdat daar 'n reaksie ontstaan wat deur 'n verandering van kleur aangedui word. As hy chloor soek, soek hy net chloor en bepaal nie waaruit die oplossing in die geheel bestaan nie.

Dit is 'n goeie beskrywing van hoe mense dikwels met die Bybel omgaan. Hulle neem die Bybel en gaan soek daarin net

dit wat hul behoefte pas. In die proses ryg hulle dan allerlei versies aanmekaar, of lees net gedeeltes van vers-eenhede om hul 'waarheid' te staaf en so word hulle ten beste toegerus met gedeeltelike kennis wat nie die volle waarheid weergee nie.

Iemand het by geleentheid gesê dat jy omtrent enigiets uit die Bybel kan bewys afhange van wat jy doen. Dis presies wat die 'titrasie' van die Skrif regkry. As ons dus praat van getitreerde waarheid, bedoel ons dat 'n persoon 'n Skrifgedeelte aanbied op 'n wyse wat hom pas en nie binne die geheel soos

Mense het 'n knip-en-plakbenadering tot Bybeluitleg ontwikkel.

wat dit geskryf staan nie. In meer algemene omgangstaal van vandag kan ons sê dat mense 'n knip-en-plakbenadering tot Bybelles het.

'n Jeugleier by 'n gemeente, wat vroeër dwelms gebruik het, het sy dwelmgebruik bv. aan die hand van 1 Thessalonisense 5:21 verduidelik, naamlik dat die Bybel sê "*beproof alle dinge; behou die goeie*". As mens mooi gaan lees is dit allermens wat Paulus geskryf het. Die volledige konteks gaan oor die Heilige Gees wat nie geblus en profesieë wat nie verag moet word nie. Dit was nooit gegee as magtiging om enigiets wat in die lewe voorkom te beproef nie. Deur net 'n gedeelte van die geheel te lees is 'bybelse' regverdiging voorgehou vir rebelse optrede, terwyl die hele gedeelte 'n waarskuwing insluit om weg te bly van elke vorm van kwaad.

Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle. Blus die Gees nie uit nie. Verag profesieë nie. Beproof alle dinge; behou die goeie. Onthou julle van elke vorm van kwaad (1 Thess. 5:16-22).

EERSTE EN VERDERE GENERASIES KENNIS

Met Eerste Generasie Kennis (EGK) bedoel ons daardie kennis wat oorspronklik deur God ingegee en onder die inspirasie van die Heilige Gees deur sy dienaars in die Skrif of Bybel opgeteken is. Dit is onverdud en onbesoedel. Mense neem egter hierdie EGK en skep op allerlei wyses Verdere Generasies

Kennis (VGK) daaruit (vonAnderseck, 2005: 20) . Dit kan soos volg uitgebeeld word:

- Die Bybel (EGK).
- Teoloog A interpreteer Skrif en bied sy siening aan (VGK1) Ons is nou nie noodwendig meer by wat Die Bybel sê nie, maar by wat Teoloog A sê Die Bybel sê.
- Skrywer B neem die Bybel en so iets van VGK1, voeg sy eie siening en ‘nuwe openbaring’ by en skep so-doende VGK2. Nou hoor ons wat skrywer B sê die Bybel sê, en onthou hy het onder andere eers gehoor wat Teoloog A sê die Bybel sê en daarna sy eie mening gevorm oor wat die Bybel sê.
- Prediker C neem B se boek, pas dit met nog so ’n bietjie eie insigte aan vir sy preek en skep dus VGK3. Ons glo u kan sien waarheen ons beweeg.

Hierdie proses lewer nie noodwendig afgewaterde of verdraaide Bybelkennis nie. Aan die anderkant lewer dit ook nie sonder twyfel die akkurate waarheid van wat geskrywe staan vir ons op nie.

Kom ons kyk ter illustrasie na ’n eenvoudige, ou-ou voorbeeld van kennis waarmee ons geslag grootgeword het, nl. die klokkies aan Aäron se kleet en die tou om sy enkel.

En jy moet die mantel van die skouerkleed heeltemaal van pers stof maak (...) En aan die soom daarvan granaatjies van pers en purperrooi en bloedrooi stowwe, aan die soom daarvan rondom; en daar tussenin goue klokkies rondom; ’n goue klokkie en ’n granaatjie, ’n goue klokkie en ’n granaatjie, aan die soom van die mantel rondom. En Aäron moet dit aanhê om te kan dien; sodat die geluid daarvan gehoor word as hy in die heiligdom, voor die aangesig van die Here, ingaan en as hy daar uitgaan, dat hy nie sterwe nie (Ex. 28:31-35).

Die ‘waarheid’ het dalk soos volg ontstaan: ’n Groep bespreek Aäron se rol in die tempel. Hulle noem die feit dat hy eenmaal per jaar vir bepaalde diens in die Allerheiligste ingaan.

Een merk op dat niemand anders daar mag ingaan nie, want dié sal sterf. “Maar onthou”, noem ’n ander, “daar is volgens die Bybel omstandighede waarin Aäron kan sterf in die Allerheiligste. Wanneer gaan die ander priesters dit agterkom en wie gaan hom uithaal”? “Weet julle”, sê skerpsinnige Jannie, “Aäron se mantel het mos klokkies aangehad. Exodus 28 sê solank die klokkies gelui het was hy nog lewendig. Maar as dit stil geraak het... En miskien het hulle ’n tou om sy enkel gebind sodat hulle die lyk kon uittrek as die klokkies ophou lui het.”

So gaan die storie voort totdat dit later van ’n kansel af gehoor en wyd en syd vir die Sondagskoolkinders geleer word. Liewe leser, ons was so onlangs soos 2009 in ’n diens waar ’n internasionaal bekende ‘evangelis-profeet’ hierdie tou om Aäron se enkel weer van die kansel af verkondig het. Maar wat is die EGK waarheid? Kom ons kyk wat sê die Bybel:

Eerstens het Exodus. 28:35 verwys na Aäron se komende pligte in die **heiligdom** en nie die **Allerheiligste** nie. Hierdie buitenste gedeelte of voorhof in die tabernakelstruktuur het die goue kandelaar, tafel met toonbrode en goue wierookaltaar bevat. Al die priesters is hier toegelaat, onder andere twee keer daaglik om na die lamppit en olie om te sien (Ex. 30:7). Die lamp se vlam moes gedurig deur brand (Lev. 24:2).

Na die dood van sy twee seuns op die dag van hul inhuldiging as priesters omdat hulle met vreemde vure voor die Here verskyn het, kry Aäron opdrag om **slegs eenkeer per jaar op ’n bepaalde dag die Allerheiligste te betree** (Lev. 16). Hy moes ’n heilige linnerok en linnebroek vir dié doel aantrek, hom met ’n linnegordel omgord en ’n linne-tulband op sy hoof hê. Met ander woorde, daardie één dag per jaar waarop Aäron die Allerheiligste moes ingaan waar die ark van die verbond met die versoendeksel was, en wat as die Dag van Boetedoening (*‘Day of Atonement’*) bekend geword het, was ook die één dag van die jaar waarop hy nie die hoëpriesterskleed met klokkies aangehad het nie. Boonop lui Levitikus 16:17 dat niemand anders op dáárdie dag eers in die tent van samekoms mag gewees het totdat Aäron uitgekom het nie. Vir die grootste deel van ons lewe het ons, die outeurs, hierdie hoeveelste generasie kennis as die

waarheid aanvaar. Dis immers gerespekterde predikers en le-
raars by wie ons dit geleer het. En u, het u ook hierdie voorbeeld
herken?

BEMAGTIG OF ONTMAGTIG?

Gelowiges word deur God bemagtig as die kennis wat hulle
toepas om Sy volheid te ervaar op die Eerste Generasie Kennis
gebaseer is – met ander woorde op dit wat onder die Heilige
Gees se inspirasie in die Skrif opgeteken is. Dikwels word
Christengelowiges egter ontmagtig in hulle geloofswandel om-
dat hulle Verdere Generasies Kennis toepas eerder as EGK
(vonAnderseck, 2005: 20). Hierdie VGK bestaan bv. uit preke,
boeke, televisieprogramme, kerksinodes se besprekingsdoku-
mente of Christen netwerke se konferensies. Dit verteenwoordig
so dikwels menslike opinies wat in Bybelse taal geklee is en
daarom aan die oppervlak as Bybels voorkom. Ons sien en hoor
dit om ons as ons net kyk en luister na die wyse waarop mense
bv. hul kennis van hul gunsteling televisieprediker se werke
verkondig. Hulle gebruik dalk woorde soos: “*Die Bybel sê...*”,
maar eintlik verkondig hulle wat evangelis so-en-so sê. En so
word die gelowige mislei.

Ongelukkig praat ons nie hier net van die gewone lidmaat
nie, maar selfs van sommige predikers, dikwels diegene met ’n
hoë openbare en charismatiese profiel op televisie. Lesers moet
ons asseblief nie verkeerd verstaan as sou ons nou na die Cha-
rismatiese kerkgroeperinge verwys nie. Ons praat van mense
wat ander met hul charismatiese persoonlikheid bekoor, oortuig
en manipuleer. As dit nie so was nie, waarom is plaaslike kerke
dikwels net vol as sekere van die leraars preek? Wat ons dus vir
u sê, is dat charisma ’n baie kragtige karaktereienskap is –
dikwels goed, maar dit kan ’n donker kant ook hê. Die geskie-
denis is vol van die vrug van charismatiese leiers in alle lewen-
sareas – beide goed en sleg.

Sommige moderne teoloë (of dan liewers ‘post-moderne’
soos hulle dit graag beskryf), water so dikwels die Bybelse
waarheid af of maak dit verdag met stellings wat op getitreerde
kennis berus, soos die volgende voorbeelde wys:

- ***Bybelse waarheid is relatief en mense moet dus toelaat vir verskillende nuanses van die waarheid*** – aldus Dr. Daan van Wyk jr., ’n predikant van die Hervormde Kerk in Suid-Afrika (Jackson, 13 Oktober 2000:15). Dit beteken heel eenvoudig dat mense toegelaat moet word om die Bybel volgens hul eie ‘waarheid’ te gebruik. G’n wonder die Christenwêreld is soms so verward nie!
- ***Waarheid is nie eendimensioneel nie***. Die waarheid omtrent God kan nie voldoende uitdrukking vind in ’n enkele godsdiens nie – Sakkie Spangenberg, Professor in die Ou Testament, Universiteit van Suid-Afrika (Waldner, 19 Mei 2002:12). Terwyl die professor nog lid van die NG Kerk was en reeds toe ontken het dat Christus die Weg en die Waarheid en die Lewe is, het hy steeds daarop aangedring dat hy ’n Christen was. Hoewel hy die godheid van Christus ontken het, het hy aangevoer dat hy homself vereenselwig met die saak van die (gewone, dog begaafde) politieke rebel wat in die Bybel Christus genoem word en daarom ’n Christen was.
- ***Daar is nie ewige waarhede nie*** – Spangenberg (Jackson, 20 Maart 2004:5).

As ons mooi daarvoor nadink kom getitreerde waarheid altyd terug op die oorspronklike leuen: “*Is dit ook so dat God gesê het (...)?*” (Gen. 3:1). Deur wanvoorstellings van die Bybelse waarheid word ’n aanvaar-

Getitreerde waarheid kom altyd terug op die oorspronklike leuen: “Het God regtig ... gesê?”

bare ‘Godperspektief’ op die lewe self en samelewingsomstandighede waarvoor ons te staan kom geskep. Ongelukkig is hierdie kennisverrotting deur die titrering van waarheid aan die orde van die dag in ’n groot deel van die institusionele kerk. Ons kan maar net kyk hoe die een waarde na die ander vandag in die institusionele kerkomgewing tuimel. Vorige waardes wat deur leerars en andere in die Bybel gewortel was, word vandag met ’n ‘nuwe verstaan van die Bybel’ ontwortel en uitgegooi.

Gene Edwards (2004:167) skryf by geleentheid oor die ondervinding van iemand wat 'n naweeklange Bybelkonferensie met ses verskillende gassprekers bygewoon het. In die loop van die naweek is die woorde Bybel, Bybels en Woord van God gehoor, maar nooit die name van God, Jesus, of Jesus Christus nie. Edwards kom dus tot die gevolgtrekking dat mense wat baie oor die Bybel praat die Bybel goed ken (maar by implikasie nie die God wat in die Bybel openbaar word nie). Wyle Louis Malherbe, 'n Suid-Afrikaanse besigheidsman wat oral in die land Christen seminare gehou het, het 'n soortgelyke stelling gemaak deur te sê hy het op 'n stadium so besig geraak met die dinge van die Here, dat hy nie meer tyd gehad het vir die Here van die dinge nie. U kan hierdie mense oral eien.

DIE WESE VAN WAARHEID

Waarheid het 'n aantal belangrike eienskappe:

- Waarheid is in die eerste plek waarheid – dit is nie afhanklik van enige mens se erkenning nie. Groot getalle sogenaamde progressiewe teoloë mag die godheid van Christus ontken, maar dit verander niks aan die Ewige Waarheid wat Hy is nie.
- Waarheid is waarheid, ongeag of ek of jy of wie ookal daarvan kennis dra of nie.

Bybelse waarheid kan ook verdraai word deur óf duskant die Nuwe Testament op te hou, óf deur daarby verby te gaan. Eersgenoemde maak jou oop vir die wettiese, die gevaar om weer vasgevang te word in die kettings van die Mosaïese wette waarvan Christus die mensdom kom bevry het (bv. Gal. 4:8-9 & 5:1). Laasgenoemde kan weer maklik tot fanatisme aanleiding gee – en dit is hoe kultusse ontstaan en voortgaan.

DIE MODERNE MEDIA

Ons moderne media dra in baie groot mate by tot die verdraaiing van ons Bybelkennis. Die talle populêre Christelike boeke is veral hierby betrokke. Skrywers bevorder daarmee baie

idees en konsepte wat respektabel gemaak word deur dit in Bybelse terminologie te klee.

Die groot verskeidenheid Christelike televisiekanale wek ook kommer. Hulle bied die voorreg dat prediking van Bybelse waarheid in 'n oogwink aan miljoene kykers om die hele wêreld gebring word. Ongelukkig is die donker kant dat dit verdraaide sienings van die Bybel net so vinnig versprei. Televisieprogramme bevat ongelukkig dikwels bevraagtekenbare inhoud wat as Bybelse fondasiekennis aangebied word.

Ons eie kennis was vir te veel jare besoedel deur die indrukwekkende materiaal en 'insig' wat ons uit televisieprogramme, boeke, seminare, en selfs formele akademiese studies ontvang het. Onthou, dat ons nie probeer sê mense moet al hierdie media uitgooi en hul huise in semi-kloosters omskep nie. Nee, ons onderstreep net weer dat ons elkeen individueel die verantwoordelikheid dra vir wat ons as waarheid verstaan en dat ons moet leer om alles aan die Bybel te meet en nie andersom nie.

NADOODSE ONDERVINDINGS EN VISOENE

Mens tref deesdae 'n groeiende aantal boeke en oudio-visuele produkte (DVD's) van mense wat 'in die hemel' of 'in die hel' was, op die rakke van Christelike boekwinkels aan. Terwyl sommige van die getuïenisse volg op nadoodse ervarings (near death experiences), is dit nie met almal die geval nie. **Ons bevraagteken nie een van hierdie mense se opregtheid of die egtheid van hul geestelike ervarings nie.** Waaroor ons wel vrae het, is die mate waarin reeds ingeburgerde invloede en leerstellinge hul onderbewussyn en daarom hul belewenisse en oordrag gestimuleer het.

Een so 'n persoon het bv. vertel van die wonings (mansions) wat hy in die hemel gesien het – sulke meerverdiepinggeboue wat heen en weer beweeg het (die visuele voorstelling het amper soos 'n jelliegebou gelyk). 'n Ander het weer glo vir Paulus by sy hut (cabin) besoek en nie woning (mansion) nie. Volgens 'n ander skrywer is daar vir haar gewys engele is in die eredienste

teenwoordig wat in 'n boek opskryf hoeveel elkeen in die offergawebord gooi.

Ons wil dus werklik dié pleidooi rig dat u baie versigtig moet wees as iemand sou vertel hoe hy of sy in die hemel of die hel was, en die getuienis word nie deur die Bybel ondersteun nie. U hoef dit nie summier te verwerp nie, maar gesels gerus met ander en toets dit saam met hulle aan die Woord.

EINDTYDTEOLOGIE

Eindtydteologie het die afgelope dekades prominent geword deur middel van al die mediavorme wat dit versprei het. Veral die wegrapingsleerstellinge het soveel prominensie begin geniet dat dit oorlede Eerwaarde Jerry Falwell geïnspireer het om te sê die boek *Left Behind* het naas die Bybel, die grootste invloed van enige boek in die geskiedenis van die Christendom gehad.

Al die verskillende en uiteenlopende leerstellinge van die eindtye is ooglopende bewys dat die woord van die waarheid nie altyd en oral reg gesny word nie. As dit gedoen was sou daar nie soveel verskille en onvervulde voorspellings gewees het nie. Kyk bv. die volgende voorbeelde:

1. 'n Dame wat ons al 'n goeie klompie jare geken het, het ons byvoorbeeld eendag hoog bekommerd gebel. Haar baie bekende senior pastoor het juis in daardie tyd sy jaarlikse eindtydreeks aangebied. Die dame se bankkaart is in dié tyd beskadig en toe sy die nuwe een by haar bank gaan afhaal, is sy tot groot ontsteltenis meegedeel dat die kaart die jongste rekenaarskyfie bevat. Sy was onmiddellik bekommerd dat sy nou die merk van die dier (Openb. 13) gedra het. Ons gaan nie hier die betrokke teologie aanraak nie, maar wil net onderstreep hoe verkeerde of onvolledige kennis selfs vrees by mense kan wek.
2. Hoe kan ons dan nou al die publisiteit en geskarrel (*frenzy*) onder baie mense in 2011 en 2012 vergeet. Eers was daar 'n groep wat die einde van die wêreld op 21 Mei 2011 ingewag het. Daarna het hulle dit met allerlei verduidelikings na 21 Oktober 2011 verskuif. In die pro-

ses was daar mense wat groot finansiële skade gelei het. Later was 21 Desember 2012 weer in die kollig met die sogenaamde Majakalender wat die einde voorspel het.

3. Net in die outeurs se leeftyd was daar al meer as 40 sulke ‘eindes’ en in die tyd van die geskiedenis van die Christendom reeds meer as 200. Die feit dat daar so baie en wyd uiteenlopende eindtydteologieë is bring baie vrae mee. [Vir lesers wat graag dieper hierin wil delf mag ons twee boekies, *Daniel Without Make-up And Long Toes*, en *Die Eindtydprofesie Van Jesus* stimulerende leesstof wees. Besonderhede verskyn agterin hierdie boek].

BYBELVERTALINGS EN WEERGAWES

Ons word soms gevra watter Bybelweergawe ons aanbeveel. ’n Mens word vandag met ’n steeds groeiende stroom weergawes van die Bybel gekonfronteer. Daar is reeds meer as 50 weergawes (vertalings) in Engels met waarskynlik nog meer studie- en ander weergawes wat op hulle gebaseer is. Daar is ook in Afrikaans al verskeie weergawes beskikbaar. Ons kan nie hier die basis van almal bespreek nie en ook nie al die intriges en gebeure met Bybelvertaling deur die eeue heen nie. U kan egter gerus self ’n bietjie verder navorsing in die verband doen.

Vertaling van beide die Ou en Nuwe Testament is en word van verskillende Hebreeuse, Aramese en Griekse brontekste of samestellings van tekste af gedoen. Neem in ag dat die vertalers nie die oorspronklike geskrifte het nie, maar verskillende oorgeskryfde manuskripte en fragmente. Hoewel Nuwe Testamentiese vertalings bv. van Griekse brontekste gedoen word, is daar toenemende sienings dat dit ook maar vertalings uit Hebreeuse geskrifte is. Hoe dit ookal sy, al sou dit in Grieks geskryf gewees het, was al die skrywers Hebreërs, behalwe Lukas, en ons kan nie anders as om te verwag dat hul kulturele agtergrond ’n sterk invloed uitgeoefen het nie.

Daar is talle geringe verskille tussen die verskillende brontekste, maar ook ’n aantal wesenlikes. Daarbenewens is dit amper onafwendbaar dat vertalers in mindere of meerdere mate hul eie interpretasies in die teks sou in vertaal. In die geval van stu-

diebybels sal die notas en artikels ook onvermydellik die opstellers se doktrinebasis weerspieël. Ons beveel dus aan dat u nie net een weergawe van die Bybel gebruik nie, maar verskillendes. Probeer in die proses ook verseker dat hulle nie almal van een en dieselfde bronteksgroep afkomstig is nie. Baie Christelike boekwinkels beskik oor vergelykende tabelle om die koper met sy/haar keuse te help.

Kom ons kyk na die eenvoudige voorbeeld van Deuteronium 23:2 om hierdie situasie te illustreer:

Geen baster [Heb. *mamser*] mag in die vergadering van die HERE kom nie; selfs sy tiende geslag mag in die vergadering van die HERE nie inkom nie (1933 Afrikaanse vertaling).

No one of illegitimate birth may enter the LORD's assembly;(…) (Holman Christian Standard Bible).

A person begotten out of wedlock (...) (The Amplified Bible).

Volgens Strong (H4464) verwys die besondere woord - *mamzer* – in die Hebreeuse kulturbegrip na iemand met 'n Joodse pa en heidense ma. Op ons navraag het 'n Joodse Rabbi egter geantwoord dat dit verwys na iemand wat uit bloedskanie of owerspel gebore is. So 'n persoon het volgens hom onder die straf van *koret* gestaan, wat in hul kulturbegrip beteken dat die siel afgesny is van God.

Ons meer onlangse in-diepte studie hiervan het egter verdere lig op die aangeleentheid gewerp. Die bloedskanie toepassing was slegs vir Jode (Israeliete). Tradisionele Joodse bronne dui voorts 'n kind wat gebore is uit owerspel waarby 'n getroude Joodse vrou betrokke is, as 'n *mamzer* aan. Ons kon nie geloofwaardige ondersteuning vind vir Strong se verklaring nie, en aanvaar dit daarom nie meer as korrek nie.

Dit verwys nie na 'n buite-egtelike kind van twee jong ongetroudes volgens ons moderne westerse begrip soos wat dikwels in populêre seminare en leringe aangevoer word nie. U kan dus sien hoe 'n mens deur 'n subjektiewe vertaling mislei word as jy nie baie seker maak van die waarheid nie. In die

proses word mense deur goedbedoelde, maar verkeerde Bybeluitleg verwond.

Onthou ook dat daar verskillende vertalingsbenaderings gebruik is en word. Daar is die meer direkte vertalings soos die King James en Ou Afrikaanse weergawes. Ander is weer geskoei op 'n benadering wat dinamiese ekwivalensie genoem word. Hierdie vertalers probeer weer om die oorspronklike betekenis in verstaanbare taal weer te gee. 'n Derde benadering is die parafrases soos *Die Lewende Bybel* of *Die Boodskap*. Laasgenoemdes behoort hoogstens as hulpmiddels gebruik te word en nie as u hoofbron nie. Weergawes wat volgens die eerste twee benaderings tot stand gebring is, moet ook maar benader word met 'n waaksaamheid jeens vertalingsinterpretasies deur die opstellers. Selfs 'n weergawe soos die *Holman Christian Standard Bible*, waar die vertalers se benadering op 'n sogenaamde optimale ekwivalensie geskoei was – die gebruik van beide letterlike en idiomatiese vertaling volgens die eise van 'n spesifieke gedeelte – kan nie ons eie verantwoordelikheid om te verseker dat ons van die akkuraatheid oortuig is, wegneem nie.

SLOTOPMERKINGS

U sal verstaan dat ons in so 'n beperkte hoofstuk nie eens naastenby 'n volledige prentjie kon gee van waarom dit so belangrik is om self verantwoordelikheid vir deeglike Bybelstudie te onderneem nie. Dit hoef nie in die vorm van formele kursusse te wees nie, en dit hoef ook nie op elke moontlike diep akademiese beginsel geskoei te wees nie. Een probleem met die formele hermeneutika, is dat dit veronderstel is om 'n middel tot 'n doel te wees, 'n hulpmiddel. Ongelukkig word dit veelal tot doel opsigself verhef. Daar is 'n klompie spesifieke en basiese beginsels wat sal help om u in 'n redelik veilige posisie te plaas en u te help om die Woord van die Waarheid reguit te sny.

Ons kyk in die volgende hoofstuk na die eerste van hierdie beginsels wat ons baie gehelp het in ons eie soeke na die waarheid in die Skrif en waarvan ons oortuig is dat dit ook vir u waardevolle riglyne sal wees.

EERSTE BEGINSELS

“En jy moet op die klippe baie duidelik skrywe al die woorde van hierdie wet” (Deuteronomieum 27:8).

“Toe antwoord die HERE my en sê: Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle al lopende dit kan lees” (Habakuk 2:2).

INLEIDENDE OPMERKINGS

Die twee verse hierbo vestig reeds 'n beginsel van duidelikheid of helderheid (Eng. *clarity*). Hierdie beginsel word oral in die Bybel aangetref. God het immers Sy Woord deur mense ingegee sodat Sy uitverkore volk (aanvanklik) en later almal dit kon verstaan. Kyk bv. die volgende: Mattheus 24:15-16 (waarin die woorde *“laat hy wat lees, oplet (...)”* voorkom en wat die evangelieskrywer se beklemtoning mag wees); 1 Korinthiërs 4:6; 1 Johannes 2:21; en Openbaring 1:3. Hierin sien ons dat die leser behoort te verstaan, dat mense moet leer om nie bo dit wat geskrywe staan te dink nie, asook dat hulle die waarheid baie goed ken. Ook die vers in Openbaring dui 'n duidelike verwagting van verstaanbaarheid aan en nie een van misterie nie, by die sewe gemeentes aan wie die briewe gerig moes word.

Jesus van Nasaret handhaaf ook in sy lering hierdie beginsel van duidelikheid. Toe sy dissipels vir hom vra waarom hy deur gelykenisse praat, antwoord hy dat die toehoorders (wat die geestelike leiers ingesluit het) andersins nie sou verstaan wat hy vir hulle sê nie. (Matt. 13:13 & Mark. 4:11. **Nota:** Lukas 8:10 mag soms aangebied of verstaan word as sou dit die teenoorge-

stelde beteken, naamlik dat die bedoeling is hulle moet nie verstaan nie, maar Mattheus en Markus gee duidelikheid).

Laat ons dan nou met dieselfde verwagting van duidelikheid oor Skrifbetekenis verder gaan en kyk na gesonde basiese beginsels om ons te help in die soeke na die onverfilosofeerde waarheid in ons Bybel.

TYDSLYN VAN NUWE TESTAMENTIESE BOEKE

Soos in die Voorwoord aangedui is, het ons twee in die Gereformeerde Tradisie grootgeword. So om en by ons 50ste jaar het ons verskuif na die Pinksterwêreld toe en later na die Charismatiese kerkomgewing. Tans is ons onverbonden wat denominasie-omgewing betref. Op ons geloofspad en soeke na die volheid van God se Woord het ons met uiteenlopende sienings en leerstellinge te doen gekry. Maar te midde van alles het niemand ons geleer dat die tydslyn van Nuwe Testamentiese boeke so belangrik is nie. Miskien is dit omdat almal grootgeword en gewoond geword het aan die volgorde waarin dit in die Bybel opgeneem is. Die ‘opsê’ van die boekname in hul korrekte volgorde van verskyning in die Bybel was reeds jonktyd in ons ingedril by die Sondagskool (Kinderkerk).

Hierin het daar vir ons belangrike insigte oor jare heen geslote gebly. Dis eers relatief onlangs, toe ons vrae begin vra het oor bepaalde eindtydlerstellinge, dat die belangrikheid van die Nuwe Testamentiese boeke se tydslyn, of ‘skeppingsdatum’ skielik duidelik geword het. Paulus se brief aan die Romeine verskyn bv. in ons Bybels heel eerste van al sy briewe, terwyl dit slegs sesde in ware volgorde behoort te wees. Die briewe aan die Tessalonisense het maar die agste en negende plek in die NT volgorde, terwyl hulle op grond van skryfdatum die tweede en derde plek moet neem naas Galasiërs in die eerste posisie.

Om te illustreer waarom die volgorde van hierdie briewe so belangrik is, kan ons kyk na 1 Thessalonisense 4:17. Dit is een van die heel grondliggende verse in die wegrapingsleerstellinge en dus van lewensnoodsaaklike belang vir alle mense. Tog bou Paulus nie in sy latere briewe daarop voort nie. Dink aan sy omvattendste brief, dié aan die Romeine, wat sowat 6-7 jaar later

eers geskryf is en in teologiese kringe beskou word as die sistematiese teologie handboek van die Nuwe Testament. Sy eerste brief aan Timotheus en die een aan Titus volg 13 jaar later en die tweede brief aan Timotheus nog 'n jaar later. Indien Paulus dan so 'n lewensnoodsaaklike leerstelling verkondig het, sou hy ongetwyfeld daarmee volgehou en dit bowendien in begripsduidelikheid uitgebou het. Kan dit dus beteken dat die wegrapingsleerstellinge onwaar is?

Eindtydleerstellinge se integriteit word absoluut bepalend geraak, afhangende van of jy aanvaar dat die boek van Die Openbaring in 95 n.C geskryf is, of reeds in ongeveer 68 n.C. U kan 'n gratis pdf weergawe van die tydslyn van Nuwe Testamentiese boeke wat ons opgestel het van ons webwerf aflaai. U sal daaruit sien dat ons Die Openbaring as 'n geskrif uit ongeveer 68 n.C beskou – en hierdie siening is een wat na intensiewe ondersoek van die bewyse gevorm is. Eersgenoemde datum sal die historiese konteks in die tyd van keiser Domitian plaas, terwyl laasgenoemde dit in Nero se tyd plaas. [As u meer wil oplees oor die datering van die Openbaring, kan u Frans du Plessis se gratis eboek, *Dating The Book Of Revelation*, aflaai by http://thekingdomplatform.com/author1_book7.html].

Hou dus altyd in gedagte wat die korrekte volgorde van die Nuwe Testamentiese boeke behoort te wees en op watter datum die oorspronklike volgens beskikbare bewyse geskep/geskryf is. Selfs die Ou Testamentiese boeke is nie noodwendig in die volgorde van gebeure in die Bybel opgeneem nie. Hier is ander groeperings gebruik. 'n Mens kan egter vandag met die Internet se hulp waardevolle tydslyne van die verloop van die Ou Testamentiese geskiedenis verkry.

SES BELANGRIKE VRAE

Vyf W's en een H

Wie, wat, waar,
wanneer, waarom, en
hoe?

Die Bybel moet met 'n selektiewe benadering gelees word, wat beteken dat 'n mens op spesifieke aspekte gefokus moet wees in plaas

daarvan om sonder 'n patroon of struktuur te lees. Daar is ses belangrike vrae om hiervoor te gebruik: Wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe? (Hendricks & Hendricks, 1991:91096; Krejcir, 2000: intothyword).

Wie?

Kyk eerstens na **wie** in die teks ter sprake is. Oorweeg sorgvuldig wat daar van 'n persoon of groep gesê word, asook wat hierdie persoon of groep besig is om te sê. Byvoorbeeld: Die engel Gabriël praat met Daniel en sê vir hom, "*Sewentig weke is oor jou volk en jou heilige stad bepaal (...)*" (Dan.9:24). Hier word dus duidelik verwys na die mense van Judea en nie eers die hele voormalige Israel nie! Onthou, die koninkryk van Israel het na Salomo se afsterwe in twee afsonderlike koninkryke verdeel en dat dit die mense van Judea - hoofsaaklik die stamme van Juda en Benjamin - was wat in ballingskap na Babilon toe weggevoer is. Die noordelike koninkryk (10 stamme) wat na die verdeling as Israel bekend gestaan het (met hoofstad Samaria) is reeds in 722 v.C deur Assirië oorrampel en dwarsdeur die bekende wêreld versprei. Hulle word vandag nog in die Joodse omgewing as die tien verlore stamme beskryf.

Deur bloot die '**wie?**' reg te verstaan kan u uself reeds op 'n goeie grondslag teen verkeerde begrip en misleiding plaas.

Wat?

Hiermee kan verskeie belangrike aspekte uitgelig word. Ons moet eerstens kyk na **wat** presies besig is om te gebeur. Het dit met 'n spesifieke geleentheid te doen (bv. inwyding van die tempel)? **Wat** het hulle gedoen? Bestudeer die volgorde van die gebeure en kyk na **wat** besig is om met al die karakters te gebeur. **Wat** is die onderwerp van hul argumentering of gesprekke? Hendricks & Hendricks stel voor dat 'n mens ook kyk na **wat** verkeerd is in die prentjie, soos Saul se ongehoorsaamheid aan die Here in 1 Samuel 15.

Waar?

Hier is ons fokus op die plek; dus die geografiese konteks. Dis belangrik om 'n kaart van die betrokke omgewing te bestudeer, aangesien dit 'n mens help om te fokus op die plek waar die gebeure besig is om af te speel. Het u bv. al ooit gedink waarom God die volk Israel na daardie klein, droë grondgebied in die Midde-Ooste geneem het en dit boonop die Beloofde Land genoem het? Dit word net duidelik as 'n mens 'n kaart van die landstreek bestudeer in samehang met die geskiedkundige situasie waarin hulle was. Dan besef jy dat daardie kolletjie op die kaart inderwaarheid die geografiese, ekonomiese en magskruispad van die tydperk was. Wie ookal daardie deel beheer het, was ideaal geplaas om die God van Abraham, Isak en Jakob in woord en daad aan die omringende nasies bekend te stel – wat immers volgens Exodus. 9:16 God se doel was.

Vra **waar** die karakters vandaan kom en **waarheen** hulle op pad is? Daar is so baie ‘**waar?**’ vrae wat 'n mens kan vra.

Wanneer?

‘**Wanneer?**’ vrae help ons om die tyd- of historiese konteks van die Skrifgedeelte wat ons bestudeer te bepaal. **Die korrekte tydraamwerk is dikwels van kritieke belang**, of dit nou na 'n tyd van die dag, 'n spesifieke dag, seisoen of selfs 'n dispensasie/bedeling verwys. Baie variasies van leerstellinge het ontstaan omdat die tydfokus nie sy regmatige aandag geniet het nie. Sommige leerstellinge oor die wedergeboorte bied dit bv. aan as iets wat in 'n oogwink gebeur as iemand die ‘sondaarsgebed’ bid, terwyl ander weer glo die mens sal eers wedergebore word wanneer die sogenaamde ‘opstanding aan die einde van die tyd’ plaasvind.

Van die vrae om te vra is: Wanneer het dit plaasgevind? Wanneer kan dit gebeur? Hierdie tipe vrae is van kernbelang as 'n mens Skrifgedeeltes met 'n ‘einde’ of ‘eindtydkonnotasie’ reg wil bestudeer.

Waarom?

Daar is baie ‘**waarom?**’ vrae wat ’n mens behoort te vra oor die teks waarmee jy besig is. Jy kan vra **waarom** iemand iets gesê of gedoen het, of waarom hy/hulle na ’n bepaalde plek toe gegaan het. Vra selfs **waarom** die spesifieke teks ingesluit is. Hendricks & Hendricks verklaar dat die ‘**waarom?**’ vrae regtig grawe vir antwoorde. Hulle grou dieper in die teks in as enige van die ander vrae.

’n Variasie op dié vraag is iets soos, So? Wat daarvan? Watse verskil maak dit? Sulke variasies is veral belangrik omdat dit rigting gee in die akkurate praktiese toepassing van die Skrif in ons lewens.

Hoe?

Vra **hoe** iets gebeur het of op die punt was om te gebeur. Hoe was bepaalde dinge gedoen, bv., hoe het die mense van Berea gereageer op Paulus se boodskap (Hand. 17:11)? Of, aan die anderkant, hoe het die Tessalonisense voor hulle gereageer (Hand. 17:4-9)?

KERNASPEKTE VIR BETEKENISBEPALING

Boeke oor die Skrifuitleg (hermeneutika) kan baie oorweldigend wees. Milton Terry se boek van 1883/5 is amper 800 bladsye dik. Nie almal sien vir so iets kans nie, en het dit ook nie regtig nodig nie. Daar is ’n klompie kernaspekte en onderliggende beginsels wat van waarde is om ons te help om die Skrif in wese reg te verstaan en om ons te beskerm teen allerhande misleiding wat so gemaklik deur die moderne media versprei word.

Verkry ’n goeie oorsig

Krejcir (2006) beveel aan dat ’n mens, na gebed voordat jy begin om die Skrif te bestudeer, ’n Bybelboek in die geheel beskou in plaas van net gedeeltes of onderwerpe daaruit. Verkry dus ’n geheelbeeld van waaroor dit gaan. Om dit te kan doen beveel hy aan dat ’n mens eers die hele boek net deurlees (selfs in ’n ‘maklike’ vertaling soos *Die Boodskap*). Lees daarna weer

hoofstuk vir hoofstuk sorgvuldig deur. Onthou dat die bronne waaruit die Bybel vertaal is nie hoofstukke en versnommers gehad het nie. Dit is skeppings van die 13de en 16de eeu onderskeidelik (Barna & Viola, 2008:228-229). Die oorspronklike lesers het dus nie verse bestudeer nie, maar die boeke en briewe in hul geheel. Hulle het nie versies uit hul konteks uitgehaal en aanmekaar geryg om 'n 'waarheid' te bewys nie.

Wanneer ons dan na die detail van 'n Skrifgedeelte begin kyk, word die volgende kernaspekte belangrik om te verseker dat ons fokus op die regte plek bly.

Inhoud

Bestudeer die inhoud van 'n boek in die geheel. Volg dieselfde benadering as u na 'n gedeelte van 'n boek kyk. Die gebeure wat aanloop en opbou na Matteus 24 toe, waarin die eindtydprofessie van Jesus vervat is, begin bv. reeds in Matteus 20 en loop deur tot in Matteus 26. Onthou dat daar in die Bybel 'n direkte verband is tussen die inhoud en betekenis. Sodra 'n mens gedeeltes van die inhoud ignoreer loop jy die risiko om die geheel verkeerd te interpreteer.

Konteks

Hierdie beginsel word seker die meeste verniel of geïgnoreer, selfs wanneer predikers of skrywers voorgee dat hulle 'n vers in konteks beskou. Konteks beskryf die noodsaaklike omgewing waarin 'n teks voorkom. Eenvoudig gestel, konteks is dit wat 'n Skrifgedeelte voorafgaan en wat daarop volg. Neem in ag dat dit nie gaan oor een of twee versies vooraf en daarna nie.

Konteks is 'n hoogs vernielde of afgeskepte beginsel van Bybeluitleg.

Mens moet die geheelkonteks wat hieronder genoem word sien. Onthou weer eens, dat die oorspronklike lesers 'n boek of brief in sy geheel beskou het. Ongelukkig word die werklike of ware konteks dikwels òf nagelaat, òf dit word getitireer met voorafopgestelde verwagtings en manipulerings.

Hendricks & Hendricks noem dat elke belangrike kultus op 'n ignorering van die konteksbeginsels gebou is. Voorts be-

klemtoon hulle dat dit verskillende kontekste is wat elkeen reg verstaan moet word:

- Literêre;
- historiese en tyd-;
- kulturele;
- geografiese; en
- teologiese konteks.

Mens kan byvoorbeeld nie die impak van kultuur op kommunikasie ontken nie en dit is daarom noodsaaklik om die kultuuragtergrond van die spesifieke Skrifgedeelte waarmee u besig is, deeglik in ag te neem.

Die teologiese konteks het op sy beurt weer te doen met die skrywer en ander mense se kennis van en verhouding met God. Dit illustreer weer waar en hoe die spesifieke gedeelte of boek in die ontplooiing van die Skrif inpas.

Kyk uit vir woorde soos ‘daarom’ en ‘maar’, wat dikwels deurslaggewend kan wees om die ware konteks raak te sien. Soos u kan sien, verwys albei hierdie woorde na iets wat voorafgegaan het. Engelse leraars sê soms dat, as mens die woord “*therefore*” sien, jy moet vasstel “*what it is there for*”? Dus, as mens die woord ‘daarom’ sien, moet jy vasstel waarom dit daar is.

Onlangs skryf iemand byvoorbeeld aan ’n koerant na aanleiding van een skietery by ’n Amerikaanse skool waarin ’n groot getal kinders dood is, dat sy aflei hulle was nie onder God se gunstelingkinders nie, want haar Bybel sê geen haar op julle hoof sal ooit verlore gaan nie (Luk. 21:18). Die konteks van daardie Skrifgedeelte was **Jesus se gesprek met sy klein groep dissipels oor die groot verdrukking wat in hul leeftyd sou kom**. In vers 16 sê die Meester dat sommige van hulle doodgemaak sou word, en tog volg Hy dan met die stelling dat geen haar op hul hoof verlore sou gaan nie. Ons het dus hier met iets heel anders te doen as die situasie waarop die briefskrywer die Skrifgedeelte toegepas het.

Die Skrif is die beste verklaarder van die Skrif

Goeie Skrifuitleg sal altyd in harmonie met die res van die Skrif wees. Die Skrif is dus die beste interpreteerder van die Skrif. Waar mense hierdie beginsel ignoreer tref ons dikwels wanvoorstellings en verwarring aan. Dink byvoorbeeld aan Jesus se profetiese rede vir sy dissipels in Mattheus 24. In vers 29 sê die Meester, “*En dadelik na die verdrukking van daardie dae sal die son duister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemel sal geskud word.*” Hy gaan in vers 34 voort om te sê dat al hierdie dinge in hul geslag sou gebeur.

Omdat mense vir sulke fisiese gebeure in 'n hedendaagse eindtydverband wag en dit nog nie plaasgevind het nie, het sommige die woord ‘geslag’ (Gk: *genea*) in hierdie vers se betekenis aangepas om bv. die Joodse nasie sonder enige tydverband te beskryf. Die eenvoudige waarheid is egter dat daar in die res van Mattheus (en elders), met ‘geslag’ eenvoudig die **Jode van daardie tyd** bedoel word. Die beskrywing van gebeure in vers 29 was weer 'n welbekende beeld om God se teenwoordigheid mee te beskryf. (Ons sê later meer oor die Hebreeuse gebruik om abstrakte gebeure met konkrete beelde te beskryf).

Mattheus 24:29 & 30 se verwysing na sulke gebeure en die Seun van die mens wat op die wolke van die hemel sal kom, is bv. soortgelyk aan die profetiese Godspraak oor Babilon in Jesaja. 13:10-11 en oor Egipte in Jesaja 19:1 asook Esegïël. 32:7-8:

Want die sterre van die hemel en sy Drie Konings sal hulle lig nie laat skyn nie; die son is duister by sy opgang, en die maan laat sy lig nie skyn nie. En Ek sal aan die wêreld sy boosheid besoek, en aan die goddelose hul ongeregtigheid (...) (Jes. 13:10 & 11).

Godspraak oor Egipte. Kyk, die Here ry op 'n vinnige wolk en kom na Egipte toe; en die afgode van Egipte wankel voor sy aansig, en die hart van Egipte smelt in sy binneste (Jes. 19:1).

En as Ek jou uitblus, sal Ek die hemel oordek en sy sterre swart maak; Ek sal die son met wolke oordek, en die maan sal sy lig nie

laat skyn nie. Al die skynende ligte aan die hemel, dié sal Ek om jou ontwil duister maak, en Ek sal duisternis gee oor jou land, spreek die Here HERE (Eseg. 32: 7 & 8).

Eerste vermelding

Hierdie beginsel vra eenvoudig dat ons teruggaan na waar 'n bepaalde uiteensetting of leerstellinge die eerste keer in die Skrif voorkom en dit dan verder te bestudeer in dieselfde volgorde waarin dit in die Skrif opgeneem is. Onthou egter aspekte soos die korrekte volgorde van Nuwe Testamentiese boeke. So-doende sal u beter in staat wees om die spesifieke uiteensetting se inherente betekenis te verstaan. Die eerste vermelding is dikwels die eenvoudigste vorm daarvan en maak dit makliker om die verdere gebruik daarvan te verstaan. Daardie eerste vermelding domineer dus die verdere gebruik van 'n konsep of uiteensetting of leerstelling.

Enkelvoudige betekenis

Milton Terry (1883) het destyds al geskryf dat 'n basiese beginsel in grammaties-historiese Skrifontleding is dat die woorde en sinne slegs een betekenis (*significance*) in een en dieselfde verband kan hê. Die oomblik dat ons hierdie beginsel verwaarloos dryf ons weg op 'n see van onsekerheid en aannames (*conjecture*). Bernard Ramm het bygevoeg dat interpretasie (of dan betekenis in konteks) een is, maar dat toepassings baie kan wees. Dis moeilik om op Bybelse gronde daarmee fout te vind. Tog hoef mens net om jou te kyk om te sien hoe hierdie eenvoudige beginsel oortree word, onder meer met die byvoeging van 'toekomstige' betekenis aan die historiese betekenis van 'n teks (Thomas, 2001:33-47).

Onlangs weer het ons op versoek van 'n kennis gekyk en geluister na 'n leraar op DVD. Hy het verklaar dat Bybelse profesie wel vir 'n bepaalde situasie bedoel was en gebeur het, maar dat die profesie daarna voortgaan die (ons) toekoms in. Daar is geen Bybelse gronde vir so 'n siening nie.

Raadpleging van sekondêre bronne

Terwyl die Bybel ons primêre bron bly, kan 'n mens gebruik maak van bronne soos Interliniêre Bybels, geskiedenisboeke, konkordansies, Bybelwoordeboeke, Bybelhandboeke, atlasse, Bybelkommentare en boeke/tydskrifte met bepaalde onderwerpe. Die rekenaar het sulke bronne maklik beskikbaar gemaak en dit is dikwels gratis (bv. die baie goeie e-Sword program). Deur die tegnologie het ons vandag toegang tot groot getalle gratis aanlyn literatuur, onder meer Engelse vertalings van waardevolle eeue oue geskrifte.

Ons was verras oor die beskikbaarheid op die Internet van die groot aantal boeke wat gedurende die vorige twee eeue en selfs verder terug oor eindtydonderwerpe geskryf is. In hulle het ons dikwels bevestiging vir ons sienings gekry, maar daar was ook sienings wat van ons s'n verskil het. In die proses kon ons egter ons eie verstaan van belangrike gebeure en leerstellinge baie deeglik weeg en sif.

SLOTOPMERKINGS

In hierdie hoofstuk het ons 'n klein groep basiese beginsels en 'gereedskap' beskryf wat ons baie beslis gehelp het om opnuut en meer onbesoedeld deur andere se sienings en Bybeluitleg na die Skrif te kyk. Ons glo dit kan dieselfde vir u doen.

In die proses het ons verwys na die belangrikheid van 'n mate van kennis oor die Bybelse kultuuragtergronde. Ons beklemtoon spesifiek dat dit agtergronde is omdat die Bybel saamgestel is uit 66 boeke wat oor 'n tydperk van sowat 1400+ jaar geskryf is deur ongeveer 40 mense op drie kontinente en in drie tale. Die Ou Testament was reeds vir minstens 300 jaar voor die geboorte van Christus 'n stabiele eenheid – lank voor die Sinode van Jamnia in 90 n.C. toe al die boeke van die Ou Testament die eerste keer amptelik gelys is.

Teen die derde eeu n.C is besef iets moet gedoen word om die kerk teen kettery te beskerm. Dit was vir Christene nodig om presies te weet wat dit is wat hulle met hul lewens moes verdedig. Die basiese toets was geleë in die apostoliese oorsprong van

'n boek en die waarde van die teks, naamlik of dit aandui dat dit of direk deur Christus geleer of deur Hom geïnspireer is.

In die volgende hoofstuk kyk ons vervolgens na 'n aantal basiese aspekte van die Hebreuse (en Griekse) taal en kultuur.

AGTERGRONDSFEITE VAN DIE BYBELSE TAAL EN KULTUUR

“En Hy sê vir hulle: Daarom is elke skrifgeleerde wat ’n leerling geword het in die koninkryk van die hemele, soos ’n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge tevoorskyn bring” (Mattheus 13:52).

INLEIDENDE OPMERKINGS

In die vorige hoofstuk is onder meer verwys na die beginsel van **enkelvoudige betekenis**, maar daar is ook onderstreep dat daar **baie toepassings** kan wees. ’n Toepassing kan egter nie verwing word om ’n nuwe betekenis of sogenaamde ‘nuwe openbaring’ van die oorspronklike Skrifgedeelte aan te neem nie, soos wat ongelukkig soms gebeur.

Robertson (e-Sword) skryf oor die Skrifgedeelte wat hierbo aangehaal is, soos volg: Hier word verwys na ’n skrifgeleerde wat ’n leerling in die koninkryk van die hemele geword het - dus ’n volgeling van die Messias. Die normale rabbynse skrifgeleerdes bring immer die ou en verstokte te voorskyn. Die skrifgeleerde wat in die koninkryk is, weet om die geestelike skatte van die heilige geskrifte te eerbiedig en waardeer, maar kan ook die nuwe na vore bring. Ons verstaan dat dit verwys na die vernuwing wat die koms van die Messias teweeggebring het. So ’n skrifgeleerde (of Bybelstudent) verstaan die beginsels en waardes van die Ou Verbond, en hy sal die wortels van die Nuwe Verbond daarin herken.

In ons soeke om die Skrif reg te sny en die waarheid in die oerwoud van leerstellingvariasies te vind, het ons besef mens

kan dit nie doen sonder om Hebreëuse bronne te raadpleeg nie, en dit sluit Joodse rabbi's en leraars in. Hoewel ons glo dat die Skrifte van die Bybel deur die Heilige Gees geïnspireer of ingegee is (2 Tim. 3:16), bly dit 'n historiese feit dat al die skrywers behalwe die proseliet Lukas, van geboorte en ontwikkeling Hebreërs was. Dit is onafwendbaar dat die agtergrond en letterkundige wortels van hul geskifte hoofsaaklik uit die Hebreëuse kultuur sou kom, ongeag of hulle spesifiek in Hebreëus of Grieks geskryf het.

Mens kan nie daarvan wegkom nie, dat Jesus van Nasaret Sy lering en metodes stewig in die bekende kultuur van Sy tyd gegrond het. Dit is tog na alles deur Sy mense, die Hebreërnasie, dat God se naam (en dus Sy hele Wese) dwarsdeur die wêreld geopenbaar is (Ex. 9:16).

Ons is van mening dat baie van die foute en dwaling in leerstellinge juis teruggevoer kan word na 'n onwilligheid van mense om die kulturele, historiese en letterkundige konteks van die tydvak waarin spesifieke gedeeltes van die Skrifte geskryf is, te weeg.

GEKONSEPSUALISEER IN HEBREEUSE DENKE EN LITERATUUR

Dit is haas onmoontlik om die Bybelse konsepte waarlik te verstaan sonder om hul Hebreëuse agtergrond en denke te oorweeg. Daarmee word nie die navolging van Judaïsme en hul godsdienstige begrippe en tradisies bedoel nie, maar 'n begrip van die kulturele en historiese nalatenskap waarvan Jesus van Nasaret onteenseglik deel was. 'n Mens moet dus kan bepaal wat daardie eerste lesers of toehoorders van die mondelinge tradisie sou verstaan het.

Biskop John Lightfoot, 'n 17de eeuse teoloog, was maar een van vele wat sterk standpunt daarvoor ingeneem het (bv. in sy 1658 *Commentary of the New Testament*), dat al die Nuwe Testamentiese boeke hul beslag deur Jode en onder die Jode gekry het. Daarom het hy altyd en bo enige twyfel geglo dat die Nuwe Testament dus oral die Hebreëuse styl, idioom, vorm en spreekwyses sou weerspieël. Dit was vir hom onafwendbaar dat

die Bybelleser van sy/haar eie vooroordele moes vergeet en daarop fokus om te verstaan wat die oorspronklike lesers sou verstaan het.

Hebreeus was 'n Godgesentreerde taal wat deur 'n Godgesentreerde volk gepraat is. Waar Grieks 'n humanistiese taal was, die taal van feite en redenasie, was die denkpatrone van die Hebreërs lewendig, ryk en kleurvol. Hulle het abstrakte denke altyd in konkrete idees verander. Sodoende kon al die bome van die veld byvoorbeeld hande klap en die berge soos ramme rondspring. Dit is dus geen wonder nie dat Martin Luther in die proses van vertaling van die Hebreeuse Bybel in Duits beseft het hoe moeilik dit is om soveel in so min woorde oor te dra in 'n ander taal.

Die Hebreër wil weet **wat** gebeur het, terwyl die Griek (en so ook die hedendaagse Westerling) wil weet **hoe**? Waar die Hebreër dus verstaan/aanvaar dat God die heelal in ses dae geskape het, wil die Griek of Westerling weet hoe so iets moontlik is (Lawrence, 2013).

DIE ONDERRIGMETODES VAN JESUS

Hebreeuse opvoedkundige proses

Skoolonderwysers is meestal mense wat wonderlik toegerus is om met kinders te werk, maar was u dalk op skool in die klas van een wat nie so goed toegerus was nie? Die kans is goed dat u “Ja” sal antwoord en daarom waardering sal hê vir iemand wat goeie onderrigmetodes bemeester het.

Die Bybel openbaar nie spesifiek dat Jesus enige formele onderrig gehad het om ander te leer nie. Hy was egter onteenseglik 'n uitstaande leermeester en boonop een wat andere met gesag geleer het. Vir die Westerse denke is Sy lering dikwels moeilik om te verstaan omdat ons geneig is om vanuit ons Westerse konteks daarna te kyk. As ons egter Jesus se leringmetodes in die konteks van die Hebreeuse gemeenskappe en kultuur van die Bybelse tye plaas, verkry Sy metodes en die inhoud van Sy leringe dikwels 'n heel nuwe betekenis.

Joodse opvoedkundige tradisie se wortels kan nagespoor word na die vroeë Bybelse tye. Een van die basiese pligte van Joodse ouers is om voorsiening te maak vir die onderrig van hul kinders. Hierdie verpligting is in Deuteronomium 6:4-7 vervat: *“Hoor, Israel, die HERE onse God is ’n enige HERE. Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.”* Dit was ’n aanvaarde reël dat kinders nie deur ander pligte van hul lesse af weggehou moes word nie. Omdat die sinagoges slegs ’n beperkte aantal boekrolle gehad het, kon die kinders nie ‘skoolboeke’ huis toe vat nie en moes die Skrif dus memoriseer sodat hulle vrae daaruit sou kon beantwoord. Randall Smith (2002) verduidelik dat ’n Hebreeuse kind binne drie jaar die hele Torah sou memoriseer.

As ons hierdie antieke Hebreeuse opvoedkundige proses of stelsel verstaan, word dit makliker om Jesus se metodes te verstaan en voortspruitende daaruit baie van die Bybelse konsepte wat nie vir die Westerling algemeen bekend is nie.

Christus se oogmerke met Sy lerings

Die doel van Jesus se koms was nie om aan ’n kruis te sterf nie. Om gekruisig te word was Sy voorland of lotsbestemming (Eng: *destiny*). Die doel van Sy koms gee die antwoord op die ‘waarom?’ vraag en dit is goed opgesom in Johannes 3:16 en Galasiërs 4:4 & 5:

Want so lief het God die wêreld [mensdom] gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld [mensdom] gestuur nie om die wêreld [mensdom] te oordeel nie, maar dat die wêreld [mensdom] deur Hom gered kan word.

Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit ’n vrou, gebore onder die wet, om die wat on-

der die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang.

Jesus se leraarsrol was direk verwant aan hierdie uiteindelijke bevrydende doel. Daarvoor moes Hy eerstens sy geloofwaardigheid in die oë van Sy mense vestig. Dit sou Hy slegs kon doen deur Sy karakter daagliks en in alle omstandighede, deur sowel Sy lewe as Sy woorde, aan hulle te demonstreer. Hy sou ook Sy kennis en begrip van die Torah en die Profete moes demonstreer.

Hoewel Sy onderrig veel meer as enigiemand ander s'n gedoen het om die lewens van mense in Sy tyd en dwarsdeur die geskiedenis sedertdien te verander, het Jesus die bekende rabbynse onderrigbeginsels en -metodes van daardie tyd gebruik (Smith, 2002).

Jesus het die bekende rabbynse onderrigbeginsels en metodes van Sy tyd gebruik.

Die remez of 'skimp'

Soos ander rabbi's het Jesus dikwels slegs 'n gedeelte van 'n Hebreeuse Skrif aangehaal. Hul beginsel was dat enige gedeelte van 'n Skrifgedeelte, die hele een verteenwoordig. Vanweë die opvoedkundige benadering tot Hebreeuse kinders, is daar van elkeen verwag om die geheeldeel te ken en verstaan. Toe Jesus dus met Sy dissipels gepraat het oor die tyd van die einde en verwys het na die gruwel van verwoesting waarvan die profeet Daniel gepraat het (Matt. 24:15), sou hulle onmiddellik die hele sewentig sewesprofesie van Daniel en in korrekte verband met Sy woorde verbind het.

Die Rabbynse gelykenis of *mashal*

'n Gelykenis is 'n kort illustrasie uit die fisiese wêreld om geestelike aangeleenthede te verduidelik. Die leraar gebruik bekende konsepte of idees om onbekende konsepte te verduidelik sodat die leerder kan verstaan.

Die Griekse woord vir gelykenis (*parabole*) beteken letterlik om dinge langs mekaar te plaas.

Hoewel Jesus van Nasaret die gelykenis as onderrigmetode populêr gemaak het, was dit reeds 'n bekende onderrigmetode van daardie tyd. Deur gelykenisse het Jesus aspekte van geloof in konkrete vorm gegiet. Hy het dinge om Hom as onderrigbronne en hulpmiddels gebruik. Al was die spesifieke objek nie byderhand nie, het hy situasies gebruik wat vir die mense bekend was, byvoorbeeld landboukundige insidente. Enige normale opset was geskik om ewige waarhede mee te leer.

Daar was twee belangrike reëls, nl. om die hoofsaak die hoofsaak te hou, asook die sogenaamde lyn- of kettingkonsep. Lukas 15 gee vir ons 'n goeie illustrasie van die toepassing van hierdie twee reëls. Mense verstaan Lukas 15 dikwels as drie verskillende gelykenisse terwyl dit in werklikheid een enkele ketting of lyn met drie verskillende illustrasies behels. Die hoofboodskap het met blydskap te doen gehad:

Enige normale opset was geskik om ewige waarhede mee te leer.

- Luk. 15:4-6: 'n Skaap word verloor en gevind – die gevolg is blydskap.
- Luk. 15: 8-9: 'n Muntstuk word verloor en gevind – die gevolg is blydskap.
- Luk. 15: 11-32: 'n Seun word verloor en gevind – die gevolg is 'n gebrek aan blydskap by die ouer broer.

Jesus was besig om hulle te leer dat blydskap een van die groot eienskappe van geestelike volwassenheid is (Smith, 2002).

Die Hebreuse Skrifte

Jesus het gereeld Sy kennis en begrip van die Hebreuse Skrifte geïllustreer. Die vier Evangelies toon dat Hy gereeld uit die Hebreuse Skrifte aangehaal het, welwetende dat Sy gehoor die boodskappe sou verstaan.

Verhoudings

Die Evangelierekord wys voorts dat Jesus verreweg die meeste van Sy onderrigtyd saam met Sy klein groepie nabye dissipels deurgebring het. In daardie klein groep kon Hy 'n spesiale verhouding met hulle opbou. Hier kon hulle wisselwerking met Hom geniet soos niemand anders nie, in plaas van passiewe luisteraars te wees (soos ons hedendaagse televisiegehoore). Hulle het sodoende aan Hom toegewyd geword en wou soos Hy wees.

'n Baie belangrike eienskap van Jesus se onderrigmetodes was dat Hy geleef het wat hy aan ander geleer het. Sy uitgesproke oogmerk was om te doen wat die Vader behaag het (Joh. 8:29) en Hy het deurentyd die voorbeeld daarin gestel.

HebreeuseKultuur en Idioeme

Idiome is woorde wat ons nie letterlik kan opneem en verwag om die werklike betekenis daarvan te verstaan nie. Mense van elke kultuur leer in hul opgroeiproses om die idiome van hul kultuur te gebruik om hul taal en uitdrukkingsvermoë 'in te kleur'. Sulke frases is oor jare heen in 'n taal opgeneem totdat dit deel van die normale of alledaagse uitdrukkings word. Hoewel idiome eintlik woordprentjies is wat 'n situasie helder beskryf, kan hulle verwarrend wees vir iemand wat buite die betrokke kulturele opset staan (Rendelman, 2007). As 'n persoon dus sou sê hul buurman het sy vrou goed geslaan, bedoel die persoon nie daarmee dat die handeling goed was nie; intendeel! Sou 'n Engelssprekende persoon weer sê, "*I want something badly*", bedoel hy of sy baie beslis nie dat dit wat hy wil hê sleg is nie.

Verwarring en wanbegrip is onafwendbaar as 'n mens idiome letterlik wil opneem of vanuit 'n ander kulturele begripsraamwerk interpreteer. Ons kan dieselfde sê van ander vorms van taaluitdrukking.

Hebreeuse Parallelisme

Die Bybelboeke is ryk aan poëtiese uitdrukkings. Hebreeuse poësie het besondere strukture en behels byvoorbeeld nie verse

wat aan die einde van sinne rym nie. In plaas daarvan om dieselfde klank te herhaal, word dieselfde of teenoorgestelde gedagtes herhaal (Bivin, 1994:89). Dit word parallelisme genoem en daar word vyf variasies in die Bybel aangetref, wat 'n deurslaggewende invloed op die korrekte verstaan van baie dele het. Selfs al sou 'n dokument oorspronklik in Grieks geskryf gewees het (wat vandag al meer bevreemte word), moet ons in ag neem dat die geskryfte steeds vanuit Hebreeuse kultuur en denke geïnspireer was. Die vyf vorms van parallelisme is:

1. **Sinonieme parallelisme**, waarin 'n tweede reël die eerste herhaal, maar in ander woorde (bv. Luk. 1:46, 47 – *“En Maria het gesê: My siel maak groot die Here, en my gees is verheug in God, my Saligmaker”*).
2. **Teenstellende parallelisme**, waarmee die tweede reël die teenoorgestelde van die eerste gee (bv. Luk. 6:25 – *“Wee julle wat vol is, want julle sal honger ly”*).
3. **Konstruktiewe of sintetiese parallelisme**. Twee of drie reëls word gebruik om 'n gedagte uit te bou (bv. Mark. 12:11 – *“Hy het van die Here gekom en is wonderlik in ons oë”*).
4. **Chiasme of kruisstellende parallelisme**. In hierdie vorm van parallelisme word dieselfde gedagte in die eerste en vierde (of eerste en derde) reëls gegee, maar in ander woorde, terwyl dieselfde met die tweede en derde (of tweede en vierde) reëls gebeur. Ons vind so 'n voorbeeld in Matt. 3:12 (*“Sy [a] gaffel is in sy hand, en Hy sal sy [b] dorsvloer deur-en-deur skoonmaak en sy [a] koring saambring in die skuur, maar die [b] kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand”*). In hierdie voorbeeld dui die twee [a] gedeeltes albei aksie aan, terwyl die twee [b] gedeeltes na die fokus van die aksie verwys. Die eerste aksie is duidelik 'n lewensgewende een, terwyl die tweede destruktief is. Ons het dus 'n illustrasie van twee teenoorgesteldes.
5. **Trapsgewyse parallelisme**. Hiermee word verwys na die gebruik om met elke opeenvolgende reël iets by die vorige een te volg (bv. Luk. 4:18, 19 – *“Die Gees van*

die Here is op My, omdat Hy my gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseled van hart is, te genees; om aan gevangene(s) vrylating te verkondig en aan blindes die herstel van gesig; om die wat gebroke is in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig”).

As u mooi daarna oplet sal u vind dat veral die eerste twee opvallend is as 'n mens weet daarvan, en dat dit dan help om die uitdrukkings te verstaan en wanvoorstellings te vermy. Neem byvoorbeeld Lukas 1: 46, 47 wat op die vorige bladsy aangehaal is ter illustrasie van die beginsel van sinonieme parallelisme. Maria sê dus twee keer hoe haar emosies voel.

Watchman Nee skryf egter oor dieselfde twee verse dat dit wys Maria het eers vreugde in God in haar gees ontvang, wat (haar gees) toe met haar siel gekommunikeer het en meegebring het dat die siel deur haar liggaam uiting kon gee aan die vreugde. Sjoel! Hy ruil nie net die twee stellings se volgorde om nie, maar sy interpretasie is natuurlik gekleur deur sy siening dat die gees (goeie) en siel (negatiewe) twee afsonderlike dele van die mens is.

[As u meer wil lees oor die wanvoorstelling wat heers ten opsigte van die siel- en geeskonsepte, kan u gerus oorweeg om Gerrie se boek, *The Lamp Of The Lord* te lees].

Profesie en apokaliptiese literatuur

Mense verhoog dikwels Bybelse profesie tot die blote status van voorspellings van die toekoms. Hoewel profesieë weliswaar sulke voorspellings bevat, lê hul groter belangrikheid in die waarskuwings en riglyne wat dit gee. Gevolglik moet al die 'w' vrae en die een 'h' vraag deurentyd aangespreek word.

Apokaliptiese literatuur is opsigself ook profeties, maar dit is hoogs simbolies en uiters beeldryk van aard, wat welbekend sou wees aan die oorspronklike lesers en toehoorders. Ongelukkig bewys sommige eindtydleringe dat dit ook 'n vrugbare teelaarde dit vir allerhande spekulasie en manipulasie is. Ons illustreer dit in groter mate met ons bespreking van 'n aantal kernkonsepte en woorde in die volgende hoofstuk.

Oosterse aard van gebruike en konsepte

Hierdie is dalk een van die grootste areas van verkeerde le-
ring en prediking. Neem Matt. 7:9-11 as voorbeeld – die ge-
deelte wat vra watter man vir sy seun ’n klip sal gee as hy om
brood vra? Een prediker het byvoorbeeld op televisie die op-
merking gemaak dat hy in elk geval nog nooit verstaan het hoe-
kom enige pa ’n klip buitekant sal gaan optel as sy seun brood
vra nie. Die werklikheid is eenvoudig. In die Oosterse lande is
’n hoeveelheid ronde brode gelyktydig gebak en dan op ’n plat,
ronde klip, ongeveer net so groot soos die brood, gepak. Die
brood is vooraf met *ghee* (iets soos ons botter) gesmeer. Daarna
is ’n soortgelyke klip bo-op die hoop gesit. Met verdrag absor-
beer die twee klippe (of stene) die *ghee* en begin net soos ’n
brood lyk. ’n Klein kind kan dus maklik ’n fout maak, maar nie
die pa, wat die verskil ken nie (Pillai).

Nog ’n voorbeeld van wanvoorstelling deur dieselfde predi-
ker, is Jesaja 40:2, “*Spreek na die hart van Jerusalem, en roep
haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy
uit die hand van die HERE dubbeld ontvang het vir al haar son-
des.*” In die preek is verduidelik dat Israel dubbele seëninge
ontvang het ten spyte van haar sondes. Hoe mooi die boodskap
ookal mag wees, is dit nie wat daar geskrywe staan nie. In die
antieke Ooste is ’n skuldbrief van iemand wat nie sy skuld ver-
effen het nie in die stadshek/poort opgesit vir almal om te sien.
As die skuldenaar of iemand namens die skuldenaar die skuld
sou vereffen (bv. ’n familielid) is die skuldbrief toegevou (dus
dubbeld gevou). Lees gerus weer die aangehaalde vers hierbo –
dit gaan oor skuld wat betaal is (Pillai).

Dit is so belangrik dat ons nie net klakkeloos by situasies
verby lees nie, maar seker maak ons het die regte begrip daar-
van. Ons predikers en leraars het ’n ononderhandelbare verant-
woordelikheid in hierdie verband.

SLOTGEDAGTES

Ons het vroeër geskryf dat ons doel met hierdie hoofstuk,
sowel as die vorige een, nie kan wees om ’n volledige module
oor Bybelinterpretasie te voorsien nie. Daarvoor sou ’n veel

omvattender werk nodig wees as wat ons beoogde lesersgroep sou wou deurwerk. Wat ons hiermee probeer daarstel, is 'n goeie kern van tegnieke en beginsels vir die gemiddelde nie-akademiese leser om die Bybelse teks beter te verstaan en te waak teen die massas misleiding waaraan ons onderworpe is, dikwels deur mense wat goeie en opregte bedoelings het.

Dit is verstommend tot watter mate predikers, leraars en andere in die kerkomgewing oënskynlik eenvoudige terme en uitdrukkings gebruik, terwyl hulle bloot aanvaar dat hul gehore presies dieselfde daaronder verstaan as hulle. Hieronder dink ons byvoorbeeld aan algemene terme soos geloof, glo, siel, gees, redding, en wedergeboorte, om maar net 'n paar te noem.

Ons het by geleentheid 'n Bybelstudiebyeenkoms saam met ses ander mense bygewoon. Almal was mense wat die Bybel daagliks gelees/bestudeer het. Die aand se onderwerp was geloof. Ons bespreking het afgeskop met elkeen se kort verduideliking en dit het sewe verskillende begrippe of nuanses van wat geloof is voortgebring! Ongelukkig is dit hoe die aand ook afgesluit het. Daarom kan ons nie genoeg beklemtoon hoe belangrik suiwer en duidelike definisies en verduidelikings van Bybelse konsepte is nie. Dit word verder geïllustreer in die volgende hoofstuk waarin daar na 'n aantal kern Bybelse konsepte soos 'einde', 'wêreld' en 'die Antichris' gekyk word.

KERNKONSEPTE UIT DIE BYBEL

“En die disiepels [1933 spelling] het gekom en vir Hom gesê: Waarom spreek U met hulle deur gelykenisse?(...) Daarom spreek Ek met hulle deur gelykenisse, omdat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie” (Matt. 13:10, 13).

INLEIDENDE OPMERKINGS

In die voorafgaande hoofstukke is ’n aantal faktore genoem en bespreek wat ons vermoë om die Woord van die Waarheid reg te sny, nadelig raak. Vertaalkwessies in ons Bybels is ’n belangrike faktor, maar selfs waar die vertaling op die oog af korrek is, kan probleme insluip vanweë verdraaide uitleg deur populêre skrywers, predikers en ander.

In hierdie hoofstuk en ter illustrasie, word so ’n bietjie meer lig gewerp op ’n beperkte aantal terme of uitdrukkings wat in die moderne Christenomgewing aan gereelde verdraaiing onderworpe is en tot allerlei onware interpretasies en leerstellinge lei. Betekenisse word boonop dikwels aangevul met die inlees van ander betekenisse en bedoelings volgens die skrywer of prediker se eie sienings en behoeftes. Dit is veral in ons tyd aan die orde van die dag in sommige eindtydleringe wat op allerhande wyses die lig sien en met die moderne tegnologie blitssnel versprei word. Die doel is nie om in hierdie boekie die moderne eindtydleringe as sulks te bespreek nie. Om egter nogmaals te benadruk hoekom ’n mens die noodsaaklikheid om die Bybel reg uit te lê so hoog behoort te ag, word weer beklemtoon dat daar die afgelope 2000 jaar al meer as 200 onervulde einde van die

wêreld datums gekom en gegaan het. Net in die outeurs se eie leeftyd was daar, soos ook voorheen genoem is, al meer as 40.

Behalwe die probleem van foutiewe of onduidelike vertaling, word terme en uitdrukkings ook dikwels deur mense op 'n wyse uitgelê om hul sienings te ondersteun. Omdat Johannes byvoorbeeld in die Openbaring se eerste vers skryf dat dit gou moet gebeur, vind mens dat die woord 'gou' op allerlei kreatiewe wyses aangepas en uitgelê word om 'n ver futuristiese betekenis aan te neem (Hierdie woord word verderaan bespreek).

Die belangrikste oogmerk met die bespreking van die volgende klein groepie terme en uitdrukkings is dan om te illustreer hoe maklik ons in die eenvoudige gang van sake deur die jare mislei is (en steeds word), met die verkeerde betekenis wat soms aan Bybelse terme geheg word.

GESEKTEERDE TERME EN UITDRUKKINGS

Wêreld

Hierdie is een van verskeie woorde wat vry algemeen wanpersepsies veroorsaak. Ongelukkig is die woord dikwels 'n foutiewe of onvoldoende vertaling van oorspronklike terme uit die brontekste, en ander betekenis as dié wat die oorspronklike lesers en luisteraars sou verstaan het, word in vertaal. Die volgende is enkele voorbeelde:

(...) kom die disiepels na Hom apart en sê: Vertel ons wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld [Grieks: *aiôn*]? (Matt. 24:3, 1933 vertaling).

(...) Sê vir ons, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat sal die teken van u koms en van die einde van hierdie wêreld [*aiôn*] wees? (1983 vertaling).

(...) Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld [*aiôn*]. (Matt. 28:20, 1933 vertaling).

Want so lief het God die wêreld [Grieks: *kosmos*] gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het,...) (Joh. 3:16, 1933 vertaling, met dieselfde in die 1983 vertaling). Die woord ‘wêreld’ in Mattheus 24:21 is ook die woord *kosmos*.

En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld [Grieks: *oikoumene*] tot ’n getuienis vir al die nasies;...) (1933 vertaling, met dieselfde in die 1983 vertaling). Dit is dieselfde woord wat in bv. Openbaring. 3:10 gebruik word.

In hierdie voorbeelde het ons dus drie verskillende Griekse woorde wat almal in ons Afrikaanse vertaling as ‘wêreld’ vertaal is. Ongelukkig is dit ’n realiteit dat die gemiddelde leser onder ‘wêreld’ ons bekende wêreld van vandag verstaan – baie sou dit selfs met ‘aarde’ vervang. En juis hierin lê die verwarring, wat deur soveel skrywers en predikers aangeblaas word. Die woorde het inderdaad verskillende betekenisse binne hul geskrewe en kultuurkonteks van die tyd. Nie een daarvan stem ooreen met die gemiddelde Westersling van vandag se verstaan van die woord ‘wêreld’ nie:

Kosmos verwys na die ordelike rangskikking van die aarde se inwoners, of dan in bv. die konteks van Johannes. 3:16, die mensdom. God het dus die **mensdom** so lief gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het... (Ook bv. Matt. 24:21; Rom. 1:8, Kol. 1:6, en 1 Tim. 3:16).

Oikoumene beteken breedweg die bewoonde aarde, maar in die Nuwe Testamentiese konteks is dit meer spesifiek gebruik as aanduidend van die Romeinse Ryk (soos gebruik in Matt. 24:14; Luk. 2:1 en Openb. 3:10). As Jesus dus praat van die evangelie wat dwarsdeur die hele wêreld verkondig sal word voordat die einde kom, is die Romeinse Ryk van daardie tyd die besondere verwysingsraamwerk. Lees gerus die lys van ‘elke nasie wat onder die hemel is’ in Handeling 2:5-11.

Aiôn, ’n woord wat sowat 129 keer gebruik word, verwys na ’n periode; ’n tydvak; ’n bedeling of dispensasie; ’n era. Die dissipels het Jesus dus in Mattheus. 24:3 uitgevra na die gebeure wat die voltooiing of einde van die Mosaïese bedeling sou bring

en nie die vernietiging van die aarde of hedendaagse wêreld soos populêre prediking, boeke en films ons wysmaak nie.

As u dus die woord ‘wêreld/world’ teenkom, maak seker watter oorspronklike woord en begrip inderwaarheid ter sprake is.

Die einde; tyd van die einde; die laaste dae

Dubov (2009) skryf dat die uitdrukking ‘einde van die tyd’ (*End of Days*) in die Hebraïese denke nog altyd na die messiaanse era verwys het. Met ander woorde, die mense binne wie se kulturele, historiese, geografiese en literêre konteks die Ou Testament geskryf is, het nog altyd die konsep as relevant tot die messiaanse era verstaan. Deur hul geskrifte te bestudeer kan daar geen twyfel wees dat die einde van die tyd waarna die Skrif verwys, afgestuur het op die koms van die langverwagte Messias nie.

As ons dan vandag glo dat Jesus van Nasaret daardie beoefde Messias was en is, hoe kan ons nou die betrokke begrippe soos ‘die einde van die tyd’, ‘die laaste dae’, of einde van die dispensasie (Matt. 24) heeltemaal herdefinieer na iets anders toe? Die enigste rede vir so ’n definisie is om dit te laat aanpas by moderne, mensgemaakte eindtydlerstellinge. Daar is geen Bybelse regverdiging voor nie en dit is eenvoudig ’n manipulerende van die kontekstuele aspekte van die betrokke Skrifgedeeltes. Kyk ook die bespreking van die term ‘antichris’ hieronder.

Ephraim Currier (1841) is maar een van vele teoloë wat in die afgelope eeue oor die konsepte van die einde en laaste dae geskryf het. Hy verwys na die begrip in antieke Hebreeuse denke en maak dan die gevolgtrekking dat, net soos wat die ‘einde van die wêreld’ die einde van die Joodse [Mosaïese] dispensasie beteken, beteken ook die konsep van ‘die laaste dae’ die einde van daardie era. Die een is niks meer futuristies as die ander nie.

In 1 Korinthiërs 10:11 skryf Paulus aan die gemeente: *“Maar al hierdie dinge het hulle [die voorvaders] oorgekom as voorbeelde, en is opgeskrywe as ’n waarskuwing aan ons [Paulus se geslag] op wie die eindes van die eeue gekom het.”*

Die King James se weergawe lui “*ends of the world.*” Die korrekte vertaling van die Griekse *aiôn* is in hierdie geval ‘bedeling’ of ‘dispensasie’ en beslis nie ‘wêreld’ of ‘eeue’ nie. ’n Parallele paragraaf is Hebreërs 9:26 wat na die “(*...*) *voleinding van die eeue (...)*” verwys. Die gedagte is van een dispensasie of bedeling wat die voorbereiding vir die volgende een is en dan daarin oorgaan. Hier, met die messiaanse bedeling, het die einde van al die voorbereidende bedelings in die tyd van hul geslag aangebreek (Vincent).

Die teken van die Seun van die mens in die hemel

Die Seun van die mens is in die hemel, nie die teken nie. “*Van nou af sal die Seun van die mens sit aan die regterhand van die krag van God*” (Luk. 22:69). Die gebeure rondom die vernietiging van Jerusalem en die tempel is die teken dat die Seun van die mens inderdaad is wie Hy gesê het Hy is – die Seun van God, die Messias, wat aan die Vader se regterhand sit (en dus in die hemel is).

Die ‘Antichris’

Hierdie woord (*antichristos*) kom in die hele Bybel slegs in vier verse voor, te wete 1 Johannes 2:18, 22 en 4:3, asook 2 Johannes, vers 7. Dit word in geen ander boek gebruik nie, nie in die Ou Testament nie en ook opvallend, nie in die Boek van die Openbaring nie. As ons kyk na hoe Johannes die woord gebruik, dan verklaar hy pertinent **dat die antichris alreeds ten tye van sy skrywe daar was en hy beperk dit ook nie tot ’n enkelpersoon nie**. Die teenwoordigheid van antichriste in sy tyd noop Johannes vervolgens om te skryf dat “(*...*) *ons weet dat dit die laaste [eschatos] uur is*”. Die woord *eschatos* beteken die ekstreme, die verste punt in terme van plek en tyd.

Daar is ongelukkig soveel wat hierdie uitdrukking probeer terugvoer na die prins wat in Daniel 9:26 genoem word en wat dan ’n vredesverbond met die wêreld se nasies sal maak. Omdat ons nie die betrokke leerstelling volledig hier bespreek nie, kan u dit egter gerus self gaan toets. Verse 26 en 27 vorm ’n eenheid. In vers 26 word twee akteurs of rolspelers genoem. Die

een is 'n individu, die Messias. Daarnaas is 'n groep ter sprake, naamlik die volk van 'n vors wat Jerusalem en die tempel sal verwoes. Vervolgens word verwys na 'n 'hy' wat 'n verbond bevestig (die vertaling 'maak' is verkeerd) en dit kan grammatikagewys net die voorheen genoemde Gesalfde (Messias) wees aangesien dit nie op 'n groep toegepas kan word nie. Om dit op die vors (wie se volk die stad en heiligdom sou verwoes) van toepassing te maak, is om iets in die grammatiese konteks in te forseer wat dit nie natuurlikerwys sê nie.

Dit is ook belangrik om te sien dat Johannes in sy eerste brief gelowiges van sy tyd oproep om in die lig te wandel – en dan beskryf hy vier voorwaardes wat 'n mens as iemand wat in die lig wandel sal kenmerk. Om te waak teen die antichris se invloed is die vierde van hierdie voorwaardes.

Let ook daarop dat die 1933 Afrikaanse vertaling die woord 'antichris' in 1 Johannes 2:22 met 'n hoofletter skryf. Van die tien Engelse weergawes van die Bybel wat ons geraadpleeg het, waaronder die interliniêre weergawes van Green en Marshall, is die woord in nege met 'n kleinletter geskryf. Slegs die minder bekende vertaling van William Barclay toon 'n hoofletter. Dit beklemtoon maar net weer eens die rol wat vertalers se sienswyses speel en hoe maklik dit tot foutiewe begripsbeïnvloeding van lesers kan lei.

'Hierdie geslag' (Mattheus 24)

Dis ironies om soms te sien hoeveel deegliker ongelowiges of sogenaamde skeptici Bybelstudie doen as die gemiddelde Christen. Omdat Jesus se uitspraak oor 'hierdie geslag' op soveel wyses uitgelê word en meer spesifiek om die populêre eindtydleerstelling te pas, het ons heelwat aandag daaraan gewy in ons eie studies. Een van die insiggewendste dokumente wat ons raakgeloop het, was 'n studie deur 'n skeptikus (ateïs) oor hierdie betrokke term (en natuurlik met die oog daarop om te wys hoe verdwaald die Christendom is). In sy artikel gebruik Mark Smith (2000) 52 Bybelvertalings, 5 leksikons, 25 Bybelwoordeboeke, 6 Bybelensiklopedieë, 16 Bybelkommentare, en 21 akademië/skrywers se werke om te bewys dat die Griekse

woord *genea*, in die konteks van Mattheus 24:34 daardie fisiese geslag van die apostels beteken en dat daar nie gronde is om dit as 'n ras of nasie uit te lê soos wat die populêre eindtydleraars dit doen nie. Ongelukkig pas mense soos hy hierdie goeie insig dan toe om te 'bewys' dat die Bybel 'n blote mite is siende dat daar geen fisiese wederkoms van Jesus gedurende daardie geslag se leeftyd was nie. [As u die werklike konteks en betekenis van Jesus se eindtydprofesie in Mattheus 24, Markus 13 en Lukas 21 wil bestudeer, beveel ons graag ons boekie *Die Eindtydprofesie van Jesus* aan. Besonderhede daarvan is agterin hierdie boek te verkry].

Die gedagte van 'ras' of 'nasie' is nie heeltemal verkeerd nie, maar dit is gebruik om die mense van die Joodse nasie wat in daardie tyd geleef het aan te dui en nie 'n onbepaalde aantal geslagte oor 'n lang tydperk nie.

Die Bybelse konsep van 'n geslag is 40 jaar. Selfs dít word deesdae aangepas om 70 of selfs 100 jaar te impliseer ten einde by bepaalde leringe in te pas.

Die nuwe hemel en aarde

'n Kennis het onlangs vir ons 'n DVD gegee met leringe wat Mosaïese wetsonderhouding voorstaan. In die bespreking het die een aanbieder daarop klem gelê dat ons die Hebreeuse wortels van die Bybel in ag moet neem om dit korrek te verstaan. Kort daarna versaa hy egter self die betrokke oproep in sy gebruik van Mattheus 5:18 om te bewys dat Jesus verklaar het die hemel en aarde eerder sal verbygaan as dat een jota of een tittel van die wet sou verbygaan totdat alles gebeur het. "*Ons is nog hier*", het hy gesê, "*So, het die hemel en aarde dan al verbygegaan?*"

Onthou dat die Ou Testament die sleutel vir die uitleg van profesieë in die Nuwe Testament inhou, asook dat die Nuwe Testament God se geïnspireerde kommentaar op die betekenis van die Ou Testament is. Brown (1853) en ander vooraanstaande geleerdes deur die eeue het daarop gewys dat mense wat bekend is met uitdrukkings van die Ou Testament, sal verstaan dat die ontbinding van die Mosaïese dispensasie en vestiging van die nuwe dispensasie bekend was as die

verwydering van die ou hemel en aarde, en skepping van die nuwe hemel en aarde. Lightfoot (1858) beklemtoon dat die vernietiging van Jerusalem dikwels in die Skrif uitgedruk is as sou dit die vernietiging van die hele wêreld wees. Onthou dat Jerusalem in Hebreeuse denke as die middelpunt van die wêreld beskou is (Eseg. 5:5).

Jerusalem was in Hebreeuse denke as die middelpunt van die wêreld beskou (Eseg. 5:5).

Die dispensasie wat met die kruisiging van Jesus die Christus, Sy opneming in die hemel en die vernietiging van Jerusalem en die tempel in 70 n.C ingelui is, is dit wat in die Hebraïese kultuurkonteks die skepping van die nuwe hemel en nuwe aarde tot stand gebring het. Dit het nie na 'n fisiese nuwe hemel en aarde verwys nie.

Die konsep van 'gou' in die Openbaring

Hierdie eenvoudige woord is al aan allerhande verwringing onderwerp om die Bybelse betekenis te verinnuweer en titreer om te verklaar wat mense graag wil hê dit moet verklaar. In sy gesaghebbende werk oor Bybeluitleg het Milton Terry (1883:495-496) ondubbelsinnige standpunt ingeneem dat, waar 'n skrywer aangedui het dat iets op die punt is om te gebeur, of gou moet gebeur, dit teenstrydig met alle goeie gebruik is om te probeer voorgee dat die gebeurtenis in die verre toekoms lê. Dit is volgens hom 'n onaanvaarbare misbruik van taal om te beweër dat woorde soos 'gou', of 'naby' (*immediately, near at hand*) 'eeue later', of 'oor 'n lang tyd' beteken. So 'n gebruik van die Bybelse taal was vir hom selfs 'n erger fout as die teorie van dubbele betekenis.

Die lam en die leeu sal saamlê

'n Vriendin van ons het by geleentheid gevra: “*Maar wat van die leeu en lam wat sal saam lê?*” In ons soektog na die korrekte uitleg vind ons toe dat daar nie so iets in die Bybel is nie! Dit herinner ons toe aan al die leeu en lamskilderye en Elvis Presley wat dit sing in 'n pragtige liedjie van *Peace in the*

valley. Daar besef ons toe nogmaals hoe verkeerde leerstellings in allerlei media opgeneem kan word, en dan op hul beurt ons Bybelbegrip op so 'n wyse gevange kan hou.

Die Bybel maak geen vermelding van 'n leeu en lam wat saam sal lê nie.

Jesaja 11:6 lui dat die wolf by die lam sal wei. Dit is 'n profetiese beeld van 'n sterk, wrede nasie wat in vrede met 'n klein, swak nasie sou saamleef.

Strate van goud

Mooi, populêre liedjies lok ons om dinge saam te sing soos “*we will dance on the streets that are golden, (...)*” sonder om enigsins verder te dink daarvoor. So word verkeerde kennis deur mooi melodieë in ons verstand ingemessel.

Openbaring 21:21 maak in die eerste plek nie melding van ‘strate’ nie: “*En die straat van die stad was pure goud soos deurskynende glas.*” Let daarop dat Openbaring 21 en 22 aanbidding van God beskryf. Daar word gesê (21:22) dat die stad geen tempel het nie, want God en die Lam is die tempel! Ons moet dus kyk na die konteks van die tempel in die stad, want in die aardse Jerusalem was die tempel die plek van God se teenwoordigheid.

Binne die tempelkonteks, kom die beeld waarskynlik van die werklikhede van daardie tyd se tempelontwerp in beide die heidense en Hebreuse omgewings af. Die Griekse woord wat as ‘straat’ (of in Engels as ‘street’) vertaal is, is *plateia*. Dit beteken 'n breë plek; 'n oop (openbare) plein (Engels: *square*), maar kan wel ook as ‘straat’ vertaal word in die regte konteks.

Tempelontwerp van daardie tyd het 'n openbare plein ingesluit, waar die ‘gewone mense’ kon aanbid. Hulle was nie binne die tempel toegelaat nie. Die plein was nie noodwendig 'n vierkant soos ons moderne konsep dit sou wou hê nie. As u al illustrasies van antieke Jerusalem bestudeer het, het u moontlik gesien watter groot area die tempel beslaan het. Kyk gerus weer na so iets en let op die groot area wat die tempel omring het. Hou in gedagte dat toe Herodes die tempel herbou het, hy wou seker maak dit staan as 'n monument van uitnemendheid vir homself –

en dit het die openbare aanbiddingsplein ingesluit. Sover ons kon vasstel was hierdie plein groter as dié van enige ander tempel en het beslis na 'n straat gelyk. Dit sou op hierdie plein gewees het waar Jesus die handelaars en geldskieters se tafels omgekeer het, want hulle het die mense in hul aanbidding verhinder.

Die Openbaring skets dus vir ons die 'openbare plein van goud', die volmaakte plek om die Here God en Sy Lam te aanbid.

Lucifer, die Satan

In teenstelling daarmee wat baie mense waarskynlik glo, kom die naam Lucifer nie in die Afrikaanse vertalings van 1933, 1956 of 1983 voor nie. Die Hebreeuse Tanakh bevat nie so 'n naam nie. Dit word in die ou King James weergawe aangetref, maar nuwer weergawes (*New King James*; *Modern King James*) het dit ook al reggestel. Nou waar het hierdie naam dan vandaan gekom en vastrapplek in kerklike tradisie gekry?

Lucifer was 'n Latynse vertaaldwaling van die vierde eeu – m.a.w. nie eers akkurate vertaling nie, van die Griekse Septuagint. Jerome is naamlik deur Pous Damascus gevra om die verskillende Latynse weergawes te hersien. Die uiteindelijke hersiene Latynse weergawe wat so tot stand gekom het, was daarna vir sowat 1000 jaar oor die hele Europa heen gebruik. Inderwaarheid het die woord lucifer (met kleinletter gespél) ook op een plek in die Nuwe Testament van Jerome se Latynse weergawe voorgekom, te wete 2 Petrus 1:19 waar dit na Christus verwys het (Nelte, 2013).

Die naam Lucifer kom nie in die brontekste of Hebreeuse Tanakh voor nie.

Behalwe dat die naam Lucifer 'n getitreerde vertaling deur Jerome was wat gemeen het dat Jesaja 14 oor Satan gegaan het, het dit uiteindelik en verkeerdelik die populêre naam vir Satan geword. Jesaja 14 is 'n voortsetting van hoofstuk 13 en staan in die groter konteks van profesieë teen verskeie nasies, soos Assirië (14:24-27), die Filistyne (14:28-32) en Moab (15 & 16) om 'n paar te noem. Jesaja 13:1 – 14:23 is profesie oor Babel en hul koning,

en nie 'n beskrywing van Satan en sy val nie. Die profetiese uitsprake drup van sarkasme jeens hul hooghartigheid en verwaandheid. Kan u sien hoe belangrik die groter konteks vir akkurate uitleg van die Skrif is?

Netso is Esegïel 28 ook nie 'n beskrywing van Satan as 'n hoogmoedige gerub nie, maar Godspraak vol sarkasme oor die hoogmoedige vors van Tirus. U hoef nie ons verstaan van hierdie Skrifgedeeltes te aanvaar nie, maar ons pleit dat u dit self gaan lees en bestudeer sonder om ou sienings daar te probeer inlees. Gebruik gerus die gereedskap wat ons in die voorafgaande hoofstukke vir u gegee het om u te help.

Die leerstellinge (doktrine) van die apostels

Ons lees in Handeling 2:42 dat die gelowiges volhard het in die leer (of doktrine) van die apostels. Hierdie leerstellinge sou in ooreenstemming wees met die Meester se opdrag (Matt. 28:19) om dissipels van al die nasies te maak en hulle te leer om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het.

Terwyl die apostels se leerstellinge ongetwyfeld alles sou insluit wat hulle by Jesus geleer het, soos die saligsprekinge in Mattheus 5, kan daar geen twyfel wees nie dat hul leerstellinge die Meester se eindtydprofesie wat in Mattheus 24, Markus 13 en Lukas 21 opgeteken is, sou ingesluit het. Die Nuwe Testament is inderdaad deurtrek van vermanings aan die mense van daardie geslag oor 'n nabye eskatologiese gebeurtenis, soos Romeine 13:12, 1 Korinthiërs 10:11, Hebreërs 9:26, Hebreërs 10:25 en 1 Petrus 4:7, om maar net 'n paar te noem. Om die inhoud en tydsaanduiders van hierdie verwysings na 'n verre toekoms toe te projekteer is nie net om dinge daarby in te lees bo dit wat geskrywe staan nie, maar inderwaarheid om die teks geweld aan te doen.

Die konsep van tyd

Vertalingsleemtes skep ook foutiewe begrip van belangrike Skrifgedeeltes waarin tyd 'n sentrale woord is. Weer eens het ons te doen met verskillende woorde en uitdrukkings wat doo-eenvoudig as 'tyd' of 'tye' vertaal is.

In die antieke Hebreeuse denke was daar veral twee belangrike sienings van tyd. Dit word ook deur verskillende woorde in die Griekse denke aangedui. Die eerste was 'n aaneenlopende tydslyn, wat in Grieks die woord *chronos* is. 'n Mens kan dit as 'n reguit lyn voorstel. Galasiërs 4:4 is 'n voorbeeld van hierdie gebruik: “*Maar toe die volheid van die tyd [chronos] gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, (...)*”

Die woord ‘volheid’ beteken eenvoudig hier 'n voltooiing. 'n Profetiese punt waarheen die geskiedenis van die volk van Israel op pad was, die messiaanse bedeling, het aangebreek.

Maar dan kry ons die idee van *kairos* – bv. Efesiërs 1:10, waar Paulus skryf van die “*(...)volheid van die tye (...)*”. Hier verwys die woord na 'n seisoen en 'n mens kan dit as 'n sirkel voorstel. Israel se geskiedenis van die uittoeg uit Egipte af kan as 'n reguit lyn (*chronos*) aangedui word en dit is saamgestel uit talle seisoene (*kairoi*) waarin die een voorbereiding vir die volgende was. Die tydperk in die woestyn was dus een *kairos* en die ballingskap in Babilon 'n ander. In Christus is die punt van voltooiing van al die profesieë waarvan elke opeenvolgende *kairos* 'n spesifieke deel was, egter bereik.

Mens moet jou dus deeglik vergewis watter konsep van tyd (en daar is ook ander) in 'n Skrifgedeelte ter sprake is. As ons dit nie doen nie maak ons die deur vir misleiding en verkeerde begrip oop.

SLOTOPMERKINGS

Daar is in hierdie hoofstuk werklik net 'n handjievol bekende terme of uitdrukkings kortliks hanteer. U sal verstaan dat die meeste van hulle eintlik veel omvangryker bespreking nodig het, maar die bedoeling was, soos ons in die inleiding gesê het, om te illustreer hoe maklik mens in die eenvoudige gang van sake deur die jare mislei is en dikwels steeds word, met die verkeerde betekenis wat aan Bybelse terme geheg word. Selfs al sou u nie met ons saamstem oor die onderskeie betekenis nie, sal dit reeds beloning genoeg wees as dit u minstens tot nadenke gestem het en 'n begeerte in u wakker gemaak het om die

Woord self in diepte te ontleed in plaas daarvan om bloot te aanvaar wat andere aan u voorhou.

Dit is bo alle twyfel ons elkeen se individuele plig om die verantwoordelikheid te neem vir dit wat ons glo en hoe ons die Bybelse geskrifte verstaan. Ons vertrou dat die twee hulpmiddels wat u gratis in pdf formaat van ons webwerf kan aflaai (Tydslyn van Nuwe Testamentiese boeke en 'n Bybelstudieblaai), waardevolle hulpmiddels sal wees in u eie begeerte om die Woord van die Waarheid reguit te sny. U sal dit in die *Articles and Study Tools* blaai op die webwerf vind. Daarbenewens beveel ons sterk aan dat u 'n kaart van die Romeinse Ryk in die tyd van die apostels verkry en die inhoud van Handeling 2:5-11 daarop merk/aanbring.

Laat ons afsluit met 'n baie relevante voorbeeld van 'n tragiese treinongeluk waarvan vertel word in een van H.A. Ironside se werke: 'n Trein vol jong mense was op pad huis toe van die skool af, toe dit 'n probleem ontwikkel het en op 'n voorstedelike spoor tot stilstand gedwing is. Nog 'n trein sou binnekort op daardie spoor aankom en 'n man met 'n rooi vlag is gestuur om die aankomende treindrywer te waarsku sodat hy nie agter in die stilstaande trein sou vasry nie.

Die passassiers was gerus dat alles onder beheer was en het gelag en gesels. Skielik is die gefluit van die swaar aankomende trein gehoor en het dit agter in die stilstaande een vasgery. Die treindrywer het ontkom deur betyds uit te spring. Hy is later voor die hof gedaag. Op die vraag oor die vlagman het hy geantwoord dat hy die man gesien het wat die **geel vlag** waai en soos vereis is daarop gereageer het deur voort te ry, maar spoed te verminder. Daarna is die vlagman ondervra en hy het getuig dat hy 'n **rooi vlag** gewuif het, wat vereis het die trein moet stilhou.

Albei het volgehou hul getuienis was die waarheid. Die waarheid daarvan het eers deurgekom toe die vlagman sy vlag voor die hof gebring het. **Toe is besef die vlag was eens rooi, maar weens die jare se wind en weer het dit tot 'n vuil geel verbleik.** Ironside maak daarop die opmerking dat mense met

allerlei onware teorieë na die verderf toe gestuur word in plaas daarvan dat hulle op hul afwaartse reis gestuit word.

As ons nie die tuin van ons leerstellinge skoonmaak van al die teologiese en filosofiese onkruid wat dit bederf nie, mag ons dalk eendag tevergeefs na enige blomme in daardie tuin soek. (A.W. Tozer; deur outeurs vertaal).

BRONNELYS

Bivin, D. & Blizzard, R. Revised ed. 1994. *Understanding The Difficult Words Of Jesus: New Insights From A Hebraic Perspective*. Shippensburg, PA: Destiny Image Publishers.

Brown, A. (2nd ed. Enlarged) 1894. *Great Day Of The Lord: A Survey of New Testament teaching on Christ's coming in His Kingdom, the Resurrection, and the Judgement of the Living and the Dead*. London: Elliot Stock. Digital version by Google Books.

Currier, E. 1841. *The Second Coming Of Christ And The Resurrection*. Skowhegan. Digital version by Google Books.

Dubov, N.D. 2009. *What is the Jewish Belief about Moshiach?* Chabad-Lubavitch Media Center.
www.chabad.org/library/article_cdo/print/true/aid/332569/j.

Edwards, G. 2nd ed. 2004. *Living By The Highest Life*. Jacksonville: SeedSowers Publishing.

Graham, B. (Revised & expanded ed.). 1984. *Peace With God*. Maitland, South Africa: Struik.

Hendricks, H.G. & Hendricks, W.D. 1991. *Living By The Book*. Singapore: Campus Crusade Asia.

Jackson, N. 2000. Die groot soektog na die Ware Jesus. *Beeld*, 13 Oktober: 15.

Jackson, N. 2004. Ewige waarhede bestaan nie, sê prof. Spangenberg. *Beeld*, 20 Maart: 5.

Krejcir, .R.J. *Why Inductive Bible Study?*
www.intothyword.org. Retrieved 2000.

Lawrence, N'Tan. Hoshana Rabbah Messianic
Congregation. *Hebrew Thought Compared With Greek
(Western) Thought*. www.hoshanarabbah.org/pdfs/heb_grk.pdf.
Retrieved 2013.

Lightfoot, John (Bishop) 1858. *A Commentary Of The New
Testament From The Talmud And Hebraica*.
[http://www.preteristarchive.com/Books/1658_lightfoot_talmud-
hebraica.html](http://www.preteristarchive.com/Books/1658_lightfoot_talmud-hebraica.html).

Luther, M. Quoted by N'Tan Lawrence.

Malan, G.J. 2006. *The Kingdom Of God: A Visible
Phenomenon. Annexure B*. Ongepubliseerde
Meestersgraadverhandeling (M.Min.). Pretoria: Calvary
University.

Mohler, A. 2004. *The Scandal Of Biblical Illiteracy: It's Our
Problem*. 29 June. www.AlbertMohler.com.

Nelte, F.W. *The Name "Lucifer"*.
www.israelofgod.org/lucifer.htm.

Pillai, K.C. Die werke van Biskop Pillai oor "*Orientalisms
of the Bible*" is nie geredelik beskikbaar nie, maar uittreksels
kom wel op die Internet voor. Dit is beslis die moeite werd om
daarna te soek.

Rendelman, D. 2007. *Hidden Hebrew Idioms*. Newberry,
SC: Emet Ministries. www.emetministries.com.

Robertson. *Robertson's Word Pictures*. e-Sword, Version
10.1.0, 2000-2012, Rick Meyers.

Smith, M. 2000. Matthew 24:34 & Genea: What the
Scholars Say. *The Skeptical Review*. July/August. The Preterist
Archive.
www.preteristarchive.com/StudyArchive/g/genea_generation.ht
ml.

Smith, R. 2002. *How Jesus Taught: Rabbinic Teaching Methods Used By Jesus*. Kuils River: Kérugma Productions. Video.

Stamps, D. C. (Gen. Ed.). 1992. *The Full Life Study Bible*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Strong. *Strong's Hebrew and Greek Dictionaries*. e-Sword®, Version 10.1.0, 2000-2012, Rick Meyers.

Terry, Milton. 1883. (New and revised ed., 1890). *Biblical Hermeneutics*. New York: Hunt & Newton.

Thomas, R.L. 2001. The Principle of Single Meaning. *The Master's Seminary Journal*. Spring :33-47.
www.scribd.com/doc/3249615/The-Principle-of-Single-Meaning.

Vincent. *Vincent's Word Studies*. e-Sword, Version 10.1.0, 2000-2012, Rick Meyers.

Viola, F. & Barna, G. 2008. *Pagan Christianity? USA*: Barna Books.

Viola, F. 2008. *Reimagining Church*. Colorado Springs: David C. Cook.

VonAnderseck, E. (2005). *God's Intelligent Design for Christ-Centered Spiritual Transformation*. A Doctoral Thesis.
http://apostoleeric.com/DrEricvonAnderseck_DoctoralThesis.htm.

Waldner, M. 2002. Christene is 'op die drempel van 'n radikale nuwe tyd'. *Rapport.*, 19 Mei: 15.

Zoppelt, A. 2006.
http://www.therealchurch.com/problems_in_the_house_church_movement.html.

Bybels

Tensy anders aangedui word, is aanhalings geneem uit die Ou Afrikaanse Vertaling van die Bybel, 1933.

Groentemarkplein, Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

Aanhalings is ook soos telkens aangedui, afkomstig uit die volgende:

HCSB. 2006. *The Holman Illustrated Study Bible*. Nashville: Holman Bible Publishers.

Die Bybel: Nuwe Vertaling. 1983. Roggebaai, Kaap: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

The Amplified Bible. 1987. USA: Zondervan.

DIE SKRYWERS



Gerrie and Martie Malan is in 1970 getroud. Hy het kort daarna in 'n nuwe loopbaan by die Suid-Afrikaanse Korrektiewe Dienste ingestap en vir 25 daar gedien. Hulle is dikwels verplaas en het ook vir 'n tydperk van agt jaar, jaarliks tweekeer tussen Pretoria en Kaapstad verhuis toe Gerrie deel van Korrektiewe Dienste se parlementêre personeel was. Hoewel Martie gedurende daardie jare vir kort tydperke kon werk, het sy haar meestal in die posisie van tuisteskepper bevind, en hul drie kinders grootgemaak onder dikwels moeilike omstandighede.

Nadat hy in 1995 weens uitbranding op pensioen vrygestel is, het Gerrie 'n lektor in Korrektiewedienstebestuur aan die Technikon SA, wat later met die Universiteit van Suid-Afrika saamgesmelt het, geword. Dit was juis in hierdie tyd dat hulle die gereformeerde kerk waarin hulle grootgeword het, verlaat en 'n reis op soek na Bybelse waarheid deur die Pinkster- en Charismatiese omgewings onderneem het.

Martie het intussen studies in Bybelgefundeerde berading aangepak en Gerrie het gou hierin by haar aangesluit. Terwyl sy op die area van emosionele genesing gefokus het, het Gerrie op


geestelike oorlogvoering gekonsentreer. Hy het daarna met verdere studies voortgegaan totdat hy 'n doktorsgraad in Sistematiese Teologie aan die Brittanjegebaseerde Calvary Universiteit voltooi het. Vir sy tesis het hy 'n studie van Christus se 'weer gebore' konsep en Paulus se 'in Christus' konsep onderneem. Op hul reis het hulle wonderlike ervarings gehad en kosbare mense leer ken, kerkleiers sowel as gewone lidmate. Soos wat hulle egter die Skrif bestudeer het, het daar by hulle al hoe meer vrae oor bepaalde tradisionele kerkleerstellinge ontstaan.

'n Huisgroepie van vyf in April 2001 het spoedig gegroei tot 'n weeklikse byeenkoms van sowat 50 mense. Die groepie het spoedig tot 'n formele gemeente gegroei (Hosea Christen Familieliekerk), maar later by 'n ander een ingeskakel waar Gerrie en Martie leierskap van die Bybelkollege opgeneem het. Vandag is hulle nie aan enige denominasie gekoppel nie en fokus op die soeke na Bybelse waarheid op die vele vrae wat hulle ontwikkel het op hul reis deur die Gereformeerde, Pinkster- en Charismatiese tradisies. Anders as soveel ander wat in soortgelyke prosesse hul rug op die Bybel gekeer het, voel hulle dat hulle 'n veel groter begrip ontwikkel het van die eenvoudige Bybelse waarhede wanneer dit gestroop word van eeue se verfilosofering en besoedeling wat die mensdom beroof het van die koninkrykslewe wat in God se hart vir hulle was en is.

Hierdie boek is deel van die resultaat van hul soeke om die waarheid van verdigsel te onderskei te midde van onder andere al die eindtydaangeleenthede waarmee Christene vandag gekonfronteer word.

U kan deur middel van hul webwerf met hulle in verbinding tree: <http://www.hoseaconnection.org>.

ANDER BOEKE DEUR DIE SKRYWERS



THE LAMP OF THE LORD *(Biblical View of the Human Soul)* Gerrie Malan


The Bible does not give a clear and precise definition of the soul. The same is true of the expressions 'spirit' and 'spiritual'. Considering the influence of pagan philosophy and Greek philosophical techniques on Christian thought throughout the centuries, and adding the modern variety of approaches to interpretation, it is no wonder that confusion reigns in this regard. In their efforts to fill this void Christian teachers and writers have been presenting teaching filled with assumption and confusion, albeit clothed in biblical terminology. This book is presented as an attempt to facilitate accurate understanding of the concepts that are used widely in popular seminars pertaining to matters such as spiritual deliverance and emotional healing.



RIGHTLY DIVIDE THE WORD

Gerrie & Martie Malan

Hierdie is die Engelse weergawe van *Sny Die Woord Reguit*.




DANIEL WITHOUT MAKE-UP OR LONG TOES

(The Prophecies Of Daniel Revisited)

Gerrie & Martie Malan

End-times prophecies have been brought to the people's attention by the electronic media to an extent never thought possible a few decades ago. And most of these are rooted in some measure, in the biblical book of Daniel. Even if you should eventually decide that you do not agree with the authors' view, you will find the search for the simple truth in the book of


Daniel stimulating. They tried throughout their study to strip the Daniel message of the pollution by all kinds of philosophy through the centuries (the make-up) and also specifically identified artificial insertions (the long toes of the so-called ‘church age’). Throughout, they weighed the Daniel prophecies against recorded history. In the process important distortions in modern end-times doctrines are exposed.



DIE EINDTYDPROFESIE VAN JESUS
(Die Profetiese Rede Opnuut Beskou)
Gerrie & Martie Malan

Die elektroniese en ander media het 'n diepgaande impak gehad op die verspreiding van kennis deur die wêreld. Kennis van Bybelonderrig in verskeie formate het dieselfde impak beleef. Mens kan spesifiek die bybelse eindtye onderstreep in die lig van die vele hedendaagse boeke en films of DVD's oor sulke onderwerpe, en die mens se natuurlike belangstelling daarin deur die eeue heen. Omdat Jesus van Nasaret op rekord is as God se primêre profeet, is dit onvermydelik dat Sy eindtydprofesie 'n belangrike plek sal inneem in al die preke, leringe, boeke en multimedia wat ten opsigte van hierdie onderwerpe geskep is. Met hierdie boek het die skrywers weer gaan kyk na die eindtydprofesie van Jesus wat in Matteus 24, Markus 13 en Lukas 21 opgeteken staan. Hulle het daarop gefokus om elke gedeelte van die profesie te bestudeer binne die konteks waarteen die oorspronklike lesers of toehoorders dit sou verstaan het. Terselfdertyd het hulle daarop gefokus om 'n relatief beknopte boek met

die gemiddelde leser in gedagte te skryf, eerder as 'n dik akademiese een. Die boek sal verseker 'n gewilligheid stimuleer om bybelse waarheid te onderskei, veral in die lig van die baie pogings om die Bybel se betroubaarheid te bevraagteken. Die bevinding mag verrassend wees.




THE END-TIMES PROPHECY OF JESUS

(The Olivet Discourse Revisted)

Gerrie & Martie Malan

Die Engelse weergawe van *Die Eindtydprofesie Van Jesus*.



Die teoloog, Millard J. Erickson, reken dat die doktrine van uitverkiesing waarskynlik een van die **onverstaanbaarste en mees verwarrende** van alle Christendoktrines is. Vele beskou dit as bedenklik en selfs bisar, terwyl ander bloot aanvaar dat dit bo die mens se begrip is. Erickson aanvaar dat daar al meer grappe oor hierdie doktrine gemaak is as oor alle ander

Christendoktrines gesamentlik. In hierdie boek, en na 'n intensiewe studie van die onderwerp, gee die skrywer sy verstaan van die bybelse posisie oor die onderwerp.